WOORD & DAAD

WORD & ACTION

2017 Vol 56 no 430



WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika in samewerking met die Instituut vir Grondslae-ondersoek /
The Reformational Movement of Southern Africa in coordination with the Institute for Foundational Studies

●

UITGAWE - 2017 /
EDITION - 2017
Vol. 56 no. / nr. 431

●

UITGAWEREDAKTEUR /
EDITION EDITOR
Michael Heyns

●

REDAKSIE /
EDITORIAL BOARD
Bennie van der Walt, Michael Heyns, Marlies Taljard, Jan Swanepoel, Cornelia Wessels, Renato Coletto, Izette Minny, Tinus van der Walt, Tobie Van Dyk, Jan Venter

●

MEDEWERKERS /
EDITORIAL CONTRIBUTORS
Ferdinand Potgieter, Attie van Niekerk, Johan Snyman, Gerrit van der Walt, Danie Strauss, Harry van Belle, Amie van Wyk, Pieter Buys, Ponti Venter, James Skillen

●

BLADUITLEG / PAGE LAYOUT
Izette Minny
FINANSIES / FINANCE
Izette Minny
KORRESPONDENSIE /
CORRESPONDENCE
Izette Minny

●

Woord en Daad / Word and Action
Privaatsak / Private Bag X6001
Bussie 208 / Box 208
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●

Tel. (018) 299 1786
Faks/Fax 087 2315 430
E-pos / e-mail:
izette.minny@nwu.ac.za
Web: http://www.woordendaad.co.za

●

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman REBSA / REMSA)

●

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION

RSA R100; Ander / Other $55/€40

●

Gedruk deur / Printed by
***XEROX**,*
Potchefstroom

VOORBLADONTWERP – Ivyline Technologies
BWT

INHOUD

REDAKSIONELE INLEIDING / EDITORIAL INTRODUCTION

1 Voorwoord / Preamble
M. Heyns

PRINSIPIëLE BESINNING / REFLECTION

6 How should an older generation share an integral Christian worldview with the younger generation of today?
B. J. van der Walt

12 Die aanwending van religie vir kulturele diversiteitsonderrig in publieke administrasie
G. van der Waldt

BEKENDSTELLING / INTRODUCTION

17 ACB/Rebsa as die stem van Potchefstroom
A. van Wyk

22 Aros: 'n Christelike lewensvisie as dryfkrag agter Aros se ontstaan, bestaan en toekomsplanne
V. Correia

29 Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys: organisasie en doelstrewe
H. Hayes

35 World Reformed fellowship
F. Buys

38 The Koers Association: A precious heritage form the past to be revived at present to flourish in the future
B. J. van der Walt

43 Oor die Instituut vir Grondslae-ondersoek (IGO) aan die Noordwes-universiteit

RESENSIES / REVIEWS

Resensies en boekaankondigings verskyn op p. 11, 27, 45, 47, 48, 49

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek is dié van die outeurs en weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. /
Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and are not necessarily those of the Editorial Board.

Voorwoord: Is die akademie ’n sinkende skip?

Eksistensiële dilemma

Die grootste deel van die inhoud van hierdie uitgawe van Woord en Daad handel oor die akademie. Meer spesifiek: Die Institutuut vir Grondslae-ondersoek (IGO) van die Noordwes-Universiteit het verlede jaar ’n eerste IGO-Forum gehou. Tydens die forum het ’n aantal organisasies wat vanuit ’n reformatoriese perspektief in die hoër onderwyssektor funksioneer, bymekaar gekom en hulself aan mekaar voorgestel. In hierdie uitgawe word hierdie bekendstellings met lesers gedeel. Die IGO self plaas ook in hierdie uitgawe haar posisioneringsdokument. Inleidend gaan nie meer gesê word oor die inhoud van die uitgawe nie – die inhoud spreek vanself. Hieronder gaan eerder gepoog word om huidige denke oor die akademie te verken.

Waarom kom studente universiteit toe? In die ou dae is gesê dat veral meisies kom om BA-Manvang te studeer. Hopelik word dit nie meer gesê nie.

Is studente hier sodat hulle ’n goeie werk kan kry, en so ekonomiese selfversorging? Dan is dit belangrik dat hulle hul besighou met die soort vakke wat dit vir hulle kan gee. Jy kom nie eintlik universiteit toe om klassieke Musiek te studeer, of Latyn, of Filosofie, of Afrikaanse Literatuur, of Geskiedenis nie – en Teologie begin ook al hoe meer ’n ekonomies riskante besigheid te word. Probeer eerder om ’n dokter of ’n ingenieur of ’n sakeleier of ’n staatsamptenaar te word. Vir studente sal gesê word: Die land het hierdie laaste soort mense nodig. Die eintlike bedoeling van almal wat raadgee is eintlik maar: Sorg dat die jong mense effektief kan deelneem aan ’n ekonomie waarin dit gaan oor materiële oorlewing en wins.

Is hierdie materiëel-ekonomiese rede vir deelname aan die akademie nie dalk net so verdag as die BA-Manvang motief nie? Die meeste mense sal waarskynlik hulle koppe instemmend knik, maar diep in hul harte wonder.

Hoe kies ’n mens in hierdie eksistensiële dilemma, tussen materiële welsyn en lewensin? Die manier waarop akademiese mense gewoonlik van so-iets probeer sin maak, is om die hele ding uitmekaar te haal en dan weer inmekaar te sit, te probeer verstaan wat die dele is en dan weer hoe alles sinvol maar ook instrumenteel bymekaar hoort.

Hoe lyk die akademie as ons dit in sy dele uitmekaar haal?

In die verhaal hieronder gaan die akademie vergelyk word met ’n gebou met meerdere verdiepings wat gebou is binne ’n skip wat op ’n vaart is. Aandag gaan veral gegee word aan een van die belangrike dele van die akademie waaraan akademici baie keer nie veel aandag gee nie: Wat is die rigting waarin die akademie beweeg?

Die gebou akademie

Waaruit bestaan die gebou akademie?

Die eerste verdieping is dié van die voorhandliggende, die feite, die data, of die ervaring van die wêreld om ons, en ook ín ons, waarmee ons elke dag gekonfronteer word. Dit is die politieke skuiwe van ’n regering wat dit moeilik vind om die land te regeer – en sommer in die proses ook goed vir hulself te sorg. Dit is die ekonomiese wêreld van gewone Suid-Afrikaners wat probeer sorg dat hulle elke dag ’n bord kos het om te eet. Dit is die angs van mense wat in ’n woonbuurt of ’n dorp woon waar oproerige skares hul eiendom en hul lewens bedreig. Dit is die emosies waarmee ons stry as ons swaarmoedig is oor die toekoms. Dit is die morele werklikheid as ons sien dat ons medewerknemers of staatsamptenare of politici oneerlik is, of as ons vriende nie eintlik mense is op wie ons kan staatmaak nie of waarmee dokters en verpleegsters worstel as hulle besluite moet neem wat kan beteken dat mense leef of sterf.

Dit is helaas, die ervaring van studente en dosente wat sê dat hulle besig is met die akademie. Dit alles is die onderste verdieping van die gebou – dit wat voorhande is.

Die tweede verdieping is die teorieë waarmee wetenskaplikes na vore kom om te verduidelik wat en hoekom die voorhande is wat dit is. Teoretisering is natuurlik 'n tema op sy eie. Dit wat voorhande is, word uitmekaar gehaal, geanaliseer en daar word probeer om 'n prentjie te gee van hoe die dele in 'n grotere geheel inpas. Om dit in tegniese taal te stel: Aspekte van ons ervaring word geabstraheer, geanaliseer en 'n hipotese oor wat dit is, hoe dit is en hoe dit inpas in ons ervaring van die totaliteit, word ontwikkel.

Die saamvoeg in 'n grotere geheel en die noem van 'n voor-teoretiese ervaring van alles, gebeur eintlik al op die derde verdieping van die gebou, naamlik die meta-teoretiese dimensie van die akademie. Die term meta probeer 'n aanduiding gee van iets wat die voorhande fokus en die teorie oor die voorhande soos met 'n skip se stuur rigting gee. Dit gaan oor die veronderstellings of aannames waarmee ons ons teoretisering aanpak. In Engels word van "beliefs" gepraat en in akademiese taal word deesdae veral na 'n sisteem van veronderstellings verwys as die paradigmas waarmee ons werk.

Die derde verdieping huisves ook die grotere ideekonteks waarin die akademie self staan. Dit is die vaart van die mensheid iewers heen. Sommige sal beweer dat die mensheid eintlik maar net in sirkels beweeg. Christene het 'n ander prentjie, een van val en opstaan op pad na 'n beter bedeling as hierdie een. Volledig gesekulariseerdes kan dalk beweer dat die mensheid homself in 'n stygende lyn van progressie en evolusie bevind na iets beter en groots in hiérdie tyd en wêreld. Hierdie progressie is vir gesekulariseerdes ook iets waarvan die mens self volledig beheer kan en moet neem.

Hoe ookal, as moderne mense is ons ook bewus daarvan dat ons in 'n ander rigting beweeg as waarin ons middeleeuse voorouers beweeg het.

Moderne mense maak baie van 'n instrumentalistiese idee van die wetenskap – d.i. 'n wetenskap wat in diens moet wees van 'n beter lewe hier op aarde. Middeleeuse mense het denke en wetenskap nie so gesien nie, omdat hulle gestrewe het na 'n ander wêreld as hiérdie een. Die middeleeuers het hulself nogal 'n donker prentjie voorgestel: Dit was een van mense wat deurspek is van die sonde en daarom is dit nodig dat die kerk as middelaar vir ons optree sodat ons in die hemel kan uitkom. In die proses het die middeleeuse kerk soos 'n kinderoppasser oor mense gewaak en voorgeskryf.

Hieroor was daar 'n omwenteling in die Westerse wêreld: die Reformasie en die Renaissance. Hierdie twee gebeurtenisse en die bewegings wat daarmee saamgegaan het, was die voorspel tot 'n tyd van rewolusies – rewolusies soos die wetenskaplike rewolusie, die industriële rewolusie en politieke rewolusies soos dié van die Franse.

Om in te fokus op die wetenskaplike rewolusie: In die middeleeue met sy ontvlugting vanuit hierdie wêreld, was wetenskap baie keer 'n soort denkgimnastiek, 'n manier waarop wetenskaplikes probeer het om toegang te kry tot 'n wêreld buite hierdie wêreld, dit is die wêreld waar God dan sou bly – en waarin teoloë veral sal belangstel, en 'n wêreld waar ewige idees bestaan – 'n wêreld waarin veral filosowe belangstel. Maar met die wetenskaplike rewolusie het die natuurwetenskappe tot hul reg gekom. Dit het al meer begin gaan oor die fisiese wêreld.

Die suggestie is heel duidelik: 'n Geldige wetenskap is een wat instrumenteel kan bydra om van die materiële wêreld 'n meer leefbare plek te maak. Vir die posisie van die koningin van die wetenskappe vandag sal ekonomie, die mediese wetenskappe en die ingenieurswese dit moet probeer uitspook. Waar was ons in die middeleeue? Toe het die teologie en die filosofie gestoei vir hierdie posisie – albei dissiplines wat nou worstel om net aan die lewe te bly.

'n Vraag wat gevra moet word: Is daar nie dalk iets fout met die middeleeuse én moderne mentaliteite as daar wenners en verloorders, relevantes en geïgnoreerdes in die soeke na kennis uitgewys word nie? Moet die akademie nie eerder 'n plek wees waar daar nuuskierigheid is oor ál die aspekte van die werklikheid nie – oor denke en geloof, maar ook oor liggame, klippe en masjiene?

Die skip van die post/modernisme

As ’n mens praat oor die diepste aannames van die mensheid, oor die konteks waarin die akademie rigting moet kry, is jy eintlik besig met ’n totaal ander dimensie van die uit-mekaarhaal-en-inmekaar-sit van die wetenskap. Omdat daar so ’n duidelike onderskeid is tussen die struktuur van die akademie en die rigting daarvan in die moderne wêreld, word die rigting-aannames verduidelik met die beeld van ’n skip-op-see-besig-met-’n-vaart. Die skip is die moderne mensheid waarin die akademie homself bevind. Om die prentjie nog meer ingewikkeld te maak, dit is ook die spreekwoordelike skip wat herbou word terwyl dit in vaart is.

Hierdie bou-in-vaart word in drie fases gedoen.

Die baie besliste eerste fase van die nuwe skip, was die uitbou van ’n instrumentalistiese wetenskap. Hierdie instrumentalistiese beklemtoning antisipeer reeds die tweede fase naamlik die ontwikkeling van tegnologie. Die industriële rewolusie was die vergestalting van die fase waarin klem op die tegnologie gelê word. Moderne fabrieke, vervoerstelsels en die analoog-tegnologie, waarmee ons ’n dekade of meer gelede nog gekommunikeer het, staan hier uit. Na hierdie rewolusie het menslike lewe nogal verander: Waar ’n huisgesin en werkplek van ’n gesin min of meer dieselfde plek was, bly mense vandag in voorstede en gaan werk in middestede of industriële areas.

Waarom hierdie geweldige klem op ’n instrumentele wetenskap en die ontwikkeling van tegnologie? Die rede hiervoor moet gesoek word in hoe die kompas van die skip ingestel is: Die mens moet vry gemaak word, en om bevry te word, moet die mens mag in die hande kry, en om mag in die hande te kry, het s/hy ’n instrumentele wetenskap en tegnologie nodig.

Al hierdie strewes moet natuurlik uitkom by ’n materieel beter lewe, mense moet ekonomies bemagtig word. Met hierdie laaste stelling het die mensheid vir homself die derde fase van die bou van die skip moderniteit gevisualiseer. Die derde fase sal ’n nuwe ekonomiese bedeling wees waar alle mense materieel gemaklik en goed voorsien word.

Die lekkende skip

Maar dit is op hierdie punt waar die halfgeboude skip wat in vaart is, heel duidelik lek.

Die droom van ekonomiese welvaart word nie waar nie. Inteendeel, die droom word al vaer, want die gaping tussen ryk en arm word al hoe groter. Dit lyk of al meer van die wêreld se rykdom in die hande van ’n kleinerwordende groepie mense beland, en of die hoeveelheid desperaat arm mense al meer word.

Minstens twee derdes van die mensdom is in die greep van armoede. Dit moet ons pla omdat dit ’n groep mense kweek wat iewers gaan sê dat hulle niks meer het om te verloor nie en daarom nou die reg in eie hande gaan neem. Maar dit is nie net die instrumentele uitkoms wat ons moet pla nie. As Christene moet ons bekommerd wees as ons medemense nie kos het nie en as hulle koud slaap. Die rigting van die skip waarmee die mensheid op pad is, behoort ons vir hierdie rede alleen, baie te pla.

Hierdie probleem is verweef in ons tyd se beheptheid met globalisering. Globalisme word daarvan verdink dat dit iets is wat deur groot besigheid gedryf word om meer wins te maak. Vir die akademie word dit vertaal in die woordjie internasionalisering. Internasionalisering het oënskynlik die doel om nuwe en nuttige kennis met die ganse mensheid te deel. Maar daar is ook diegene wat hond se gedagte het dat dit eintlik daaroor gaan dat kennis al meer in die diens moet kom van die groot multinasionale maatskappye in hul poging om meer en groter winste te genereer.

Die moderne obsessie met ’n instrumentele wetenskap en die tegnologie het ’n ander donker kant: Die mensheid het reeds wetenskap en tegnologie geskep waarmee ons onsself kan uitwis. Die atoombom is die duidelikste voorbeeld hiervan. Daar is ook ander tegnologie wat op dieselfde uitkoms dui: Aardverwarming kan veroorsaak dat lewe op aarde oor ’n paar dekades ondraaglik en selfs onmoontlik kan wees. Die groot oorsaak hiervan is byvoorbeeld die koolstof gebaseerde tegnologië wat ons tans gebruik.

Daar is ook iets in die tussenmenslike ervaring van ons wêreld wat nie klop nie en wat

die roesplekke in die skip moderniteit al duideliker maak: Ons sien in ons tyd dat die uitsluiting van sommiges al meer aandag trek. Die beskuldiging is dat net aandag gegee word aan diegene met materiële rykdom, 'n sekere ras, godsdiens en geslag. Hiermee kan ons nie vrede maak nie, want dit weerspreek 'n basiese waarheid van die Reformasie en inderdaad van ons Christelike belydenis as sodanig: Alle mense en alle normatief gerigte take waarmee mense hulself besig hou, is gelyk in die oë van God. Daar is nie so-iets dat sekere mense en sekere take van 'n hoër rangorde is nie. Daarom kan die Reformasie se voorkeur vir 'n demokratiese regeringsbestel waarin almal 'n gelyke sê het, genoem word – maar met die voorbehoud dat hierdie gelykheid veral moet uitloop op geregtigheid vir almal. Hierdie aandag aan diegene wat uitgesluit word, is noodsaaklik, en dit lyk inderdaad of die skip moderniteit wel bewus word dat dit lek. Daarom sal 'n akademie waar die perspektief van die Reformasie 'n invloed het, die bydrae van alle geleerdes van groot waarde ag. Die post/moderne beweging na 'n universiteit waarin 'n top administratiewe bestuur alle seggenskap sentraliseer, meesal ter wille van 'n ekonomiese of politieke doel, sal met skeptisisme bejeën word.

Wanklanke

Maar daar is ook 'n wanklankie as die kritiek teen die uitsluiting van sommiges al harder skreeu: "Die oorsaak van al die ellende in die wêreld is wit mans – hulle is per slot van rekening agter al die kolonialisering wat gesorg het en steeds sorg dat groot dele van die mensheid weggehou word van die sentrum" – so asof dit net wit mans is wat plekke wat nie hul eie was nie, ingeval het en praktyke van slawerny gepleeg het. Daar is ook 'n ander gewilde sondebok: "Besigheidsmense is nie welkom nie, want hulle monopoliseer die kapitaal, manipuleer ontwikkeling (van onder andere tegnologie) en veroorsaak so die ellende van meer as twee derdes van die mensheid" – so asof dit net besigheidsmense is wat 'n onbehoorlike wil tot ekonomiese mag vertoon. 'n Wanklank wat al hoe luider word: "Hou religie uit skole en die akademie, want met die vreemde gewoonte wat Christene het om mense te verdeel in skape wat gered is en bokke wat hel toe gaan, marginaliseer hulle 'n sekere deel van die mensheid per definisie" – so asof dit net Christene is wat mense in die goeies en die slegtes verdeel en laasgenoemde dan eenkant toe skuif.

Nou gaan u vir my sê dat ek nie meer sin maak nie. Het ek nie nounet gesê dat die ellende van die modernisme gekoppel kan word aan 'n ekonomiese obsessie wat twee derdes van die mensdom uitsluit nie? Waarom noem ek dan die uitwys van die sondebokke naamlik wit, Christenmans wat veral daarvan hou om besigheid te doen, 'n wanklank?

'n Teenargument: As jy teen die uitsluiting van mense is, soos wat ons inderdaad moet wees, moet jy ook wit mans en Christene en besigheidsmense insluit. Om die waarheid te sê, die mensheid het die kundigheid wat hierdie mense het, en opgebou het oor eeue, baie nodig om ook diegene wat tans uitgesluit word, nader getrek te kry. Natuurlik moet jy hulle nie die vryheid gee om hul insluiting te gebruik om hulself besig te hou met praktyke wat ander mense uitsluit, verneder, uitbuit en onderdruk nie. Maar netso is die insluiting van swart vroue in die naam van regstelling nie 'n vryheid om vernederende, korrupte en rassistiese praktyke op gang te kry nie. Die punt is: God het alles wat Hy gemaak het, goed verklaar. Daarom kan ons nie sê dat die rassige, geslagtelike, arbeidende en religieuse eienskappe van menswees per definisie boos is nie, en dat iemand wat 'n besondere identiteit in dié verband vertoon, per definisie boos is nie.

'n Nuwe akademie

Die gebou akademie binne-in die skip moderniteit waarin ons ons bevind, is ingewikkeld. Om kop te hou binne hierdie komplekse bousel, is moeiliker as wat ons dink. Daarom is dit opvallend dat misverstaan en skeeftrek hier gedy.

Dit gebeur byvoorbeeld gereeld as diegene binne die gebou akademie dink dat hulle eintlik in die gebou besigheid of in die gebou staat is. Dit gebeur maklik as jy die universiteit soos 'n maatskappy begin bestuur en dit sien as 'n ekonomiese entiteit omdat ons ons bevind in 'n konteks waarin daar 'n taamlike obsessie met die ekonomiese is. Dit is goed om die ideaal te stel dat universiteite volgens goeie beginsels bestuur word. Universiteite kan in dié verband leer by besigheidsmense. Maar dit beteken nie dat ons universiteite in besighede kan verander nie. Universiteite moet

goeie akademie, veral goeie wetenskap bedryf. Meer nog, universiteite is nie net die kweekplek van besigheidsmense en entrepreneurs soos die ekonomiese obsessie suggereer nie. Dit bring ons terug by die vraag wat aan die begin gevra is: Waarom is studente en dosente by universiteite? Net ter wille van 'n ekonomiese motief – dalk 'n ekonomiese motief ter wille van die staat (afhangende van jou persoonlike polities-ekonomiese ideologie)?

Die geboue op die skip moet dus van mekaar onderskei word: 'n Besigheid is nie 'n weermag nie, en so-ook is die akademie nie 'n staatsinstelling of 'n besigheid nie. Maar daar is ook 'n tweede onderskeid wat onderstreep moet word: Die moderne tyd wil aanspraak maak dat dit weggekom het van die onvryheid wat die kerk vir middeleeuse mense veroorsaak het. Dit mag so wees, maar dan word iets bygevoeg wat nie summier duidelik is nie: Godsdiens word volgens 'n modernistiese perspektief (wat populêr met Marx geassosieer word) gesien as bloot bygeloof wat diegene in mag gebruik om gewone mense te verslaaf. Selfs hiervan kan iets waar wees. Maar dan kyk hierdie selfde moderne mense die afgode en bygeloof van ons eie tyd mis. Hulle sien nie hoe 'n obsessie met die materiële en wins, nasiebou en nasionalisme, 'n verknogtheid aan die aardse en lyflikheid nuwe afgode en nuwe verslaafdhede orent bring nie.

Daarom die spesifieke vraag wat ons oor die akademie moet vra: Help dit ons om hierdie obsessies raak te sien, of het die akademie 'n steriele praktyk geword waar die modes, die afgode van die tyd nagejaag word? Die modes van die tyd kan soms die skyn van kritiese denke hê omdat dit met groot selfvertroue die skuld pak op die ou verdagtes – die kapitaliste, die kolonialiste, die chauviniste, die homofobe, die nasionaliste. 'n Obsessie om by te hou met die nuutste mode maak dit dan onmoontlik om raak te sien dat daar ook nuwe skurke bykom, ook uit die geledere van diegene wat die ou verdagtes beveg en vervolg. Is dit byvoorbeeld nie die posisie waarin die ANC-regering homself nou bevind nie? Maar God se versorging van die skepping het 'n manier om hierdie skeeftrekkings reg te stel. Dit is hoe apartheid tot 'n einde gekom het. Die eerste tekens dat die Suid-Afrikaanse situasie besig is met 'n regstelling, kan onder andere gesien word as christenleiers in die land die huidige korrupsie tipeer as die praktyke van 'n Mafia-staat. Miskien kan ons ook die vraag vra: Gaan ons binnekort 'n verset sien teen die toenemende gepoogde uitskouer van die christelike religie in onderwys en wetenskap?

Die punt is, as 'n mens 'n kriterium wil aanlê oor die rigting van die skip, is dit nie so eenvoudig om net te vra of iemand 'n verdagte volgens die heersende mode was of is nie. Dit is eerder om te vra wat is reg en verkeerd, wat gaan iets beter of slegter maak. Laasgenoemde is 'n veel moeiliker opgaaf as om die heersende mode van praktyk of kritiek te volg.

Michael Heyns
Uitgawe Redakteur
michael.heyns@nwu.ac.za

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za

How should an older generation share an integral Christian worldview with the younger generation of today?[1]

Bennie van der Walt
(Emeritus professor, NWU Potchefstroom Campus)
benniejvanderwalt@gmail.com

Let me divide the above question in the following five sub-questions:

- What do we (the older ones) want to share?
- Why should it be shared?
- How should it *not* be shared?
- How can it be shared more effectively?
- How should it be received by a younger generation?

The first question then is:

What do we want to share?

Since it is a worldview we intend to share, we should at least be knowledgeable where a worldview fits into the whole of life as well as what the characteristics of a Christian world-view are.

According to the following diagram two directions are to be distinguished in worldview formation and the testing of its validity:



On the one hand (see arrows from left to right) (1) God (or a subsitute god) (2) reveals to us who we are and what we should do. Our faith (3) is broadened to a worldview. (4). We live according to such a worldview.

On the other hand (see arrows from right to left) one also has to test the correctness of one's worldview against its practical results (5). If they are life-enhancing, it is a sign that our view is correct. If our way of life indicates the opposite, we again have to check the correctness of our view, following the route back from (4), (3) and (2), to God's threefold revelation in creation, scripture and finally in Christ.

Stated in negative terms, some important characteristics of an integral Christian world-view are the following:

- *It is not one-dimensional.* It is something fully human; it participates in all the many facets of the human being. It broadens one's faith commitment to cover all the diverse areas of life.

- *It is not something abstract-theoretical.* It always results in a way of life or lifestyle.

- *It is not something static.* Every worldview develops through time, it has an own history or story which is told and retold. An integral, Christian-reformational worldview is not a fly-by-night; it has a long history going back to Augustine during the fourth century in North Africa.

- *It is neither conservative nor progressive.* It wants to be obedient to a higher, divine

norm, not falling prey to such a false dilemma.

- *It is never the final word.* Because of a lack of biblical inspiration it can get derailed into a totalitarian, oppressive ideology, used for the benefit, influence and power of a particular group. Even a Christian worldview is not immune against deterioration. It therefore has to be *continuously* reformed (*semper reformanda*).

Through all the seasons of life we have to answer certain basic questions, like Who am I? What should I be doing here? Where am I heading? These are difficult questions the younger generation has to answer today. Our postmodern times provide so many worldview options that it is not so easy anymore to choose only one view and commit oneself to it.

The second question was:

Why should it be shared?

Apart from the fact that the older people usually want to share their accumulated wisdom with their children and grandchildren, three more principal reasons are the following: (1) it is a precious gift from God and therefore has to be *freely* shared with others. (Cf. the many biblical admonitions to do so.) (2) The Christian religion is a *prophetic* religion and should shape a *formative* and *integral* worldview that has to be professed and practised. Such sharing does not diminish what you have. It deepens and enriches the sharer's own worldview. (3) A Christian worldview should also be shared since every younger generation needs it.

Through all the seasons of life we have to answer certain basic questions, like Who am I? What should I be doing here? Where am I heading? As we will see, these are difficult questions the younger generation has to answer today. Our postmodern times provide so many worldview options that it is not so easy anymore to choose only one view and fully commit oneself to it.

The next (third) question is:

How should it not be shared?

If one knows how not to, it may help to decide how it should be done. I therefore employ three metaphors to indicate how not to share a Christian worldview:

Not as a *tyrant* who tries to prescribe and impose his/her worldview on younger people. Not as a *salesman* who sells a commodity to be bought. An example is today's commercialised educational system where teachers and lecturers are regarded as "producers" and their learners and students as "consumers" or "clients". As stated before, a Christian worldview is a *gift* not to be *sold.* Not like an *uninvolved teacher* who does not embody the worldview he wants to share, but merely transfers the contents of textbooks.

The fourth question is:

How can an integral Christian worldview be shared more effectively?

According to a vast amount of research it seems that mentorship is one of the best ways of sharing worldviews. The web provides many characteristics of a good mentor. He or she must be a trustworthy person who embodies a specific worldview so that s/he can convince younger people that it is worthwhile to be followed.

Mentoring as a key

Writers see mentoring as a key to intergenerational communication. There should, however, be *reverse* mentoring, not only one-way from the mentor to the mentee. An older generation should not only speak but also listen to what the younger generation has to contribute in return.

To apply the model of mentorship will be a challenge in our mass education of today. But I

can personally testify to its value when I was a student and enjoyed the privilege of excellent worldview mentors.

Four requirements.

What are some basic requirements for effectively "transferring" a Christian worldview? One needs knowledge about the following: (1) the contemporary religious and "worldviewish" cultural milieu; (2) knowledge about the development of religion through the different life stages, especially that of adolescents; (3) knowledge about the teaching-learning process; (4) insight into generational differences and disconnects. I will focus on the last.

Usually previous generations left adolescence at about the age of twenty to become more mature adults. Today it takes much longer, sometimes up to ten years, till about thirty, to reach adulthood. Therefore the new name for people from about 18 to 30 years is "emerging adults".

A new generation of emerging adults

Usually previous generations left adolescence at about the age of twenty to become more mature adults. Today it takes much longer, sometimes up to ten years, till about thirty, to reach adulthood. Therefore the new name for people from about 18 to 30 years is "emerging adults".

Characteristic is their in-between nature, their "worldviewish" homelessness. The old forms rattle but the new delays to appear; they are too late for the old but too early for the new!

The reason for this state of affairs is not merely psychological in nature, but can be attributed to the contemporary cultural situation with its many options. It makes the choice of a worldview and commitment to it, the shaping of an own identity, much more difficult than during previous generations.

Five different cohorts

The following five cohorts are today distinguished in generations from about 1920 to 2000: (1) the veterans, born between 1920 to 1943; (2) the baby boomers, 1943-1960; (3) generation X, 1960-1980, (4) generation Y, generation Me or the Millennials, 1980-2000; (5) generation Z, born after 2000. We will find the emerging adults in the last two generations.

This division at least helped me personally to understand why it is so difficult to be a "cool" grandfather when you, a veteran, are divided by two and even three cohorts from your grandchildren!

Three cautions

Let me first mention some problems or at least cautions about the above division in five generations.

One is that we should be careful not to fall into theoretical stereotypes or even generational myths. We are all human beings, developing through the different seasons of life.

Two is the question whether such theoretical research, mainly conducted in North America, may be applied in another place, e.g. in our South African multicultural context.

Third is how exactly should one evaluate, both negatively and positively, the characteristics ascribed to especially generation Y?

Five interrelated characteristics

I will skip answering these questions and only mention a few outstanding traits of the Me generation with whom we should be sharing our Christian worldview. I leave it open to discussion to decide which characteristics will foster and which may hamper intergenerational communication.

- *In the turmoil of identity formation*

  On the surface generation Y is confident, assertive and entitled. But deep down they are insecure, miserable because they are busy shaping their own worldview to provide and own personal identity. This has to be done amidst an overabundance of

possibilities and points of view. And few in our secular world are telling them what to believe, how to live, what is right – everything is up to themselves.

This may, by the way, explain the present phenomenon that mainly young people between their teens and twenties are recruited by ISIS and other similar groups for acts of violence. Apart from the fact that Islam radicalism is viewed by some as a reaction against Western secularism, other possible reasons mentioned are mental illness, the brainwashing of political propaganda or negative social conditions like oppression and poverty. Many of these suicide bombers are, however, normal youngsters from middle class Western families. And very few people over thirty are recruited by ISIS.

Not to be sure about anything can become unbearable for emerging adults while ISIS demands total, unthinking loyalty – no questions asked. ISIS pressurises the youngsters to make a choice right now, offers them an easy way to certainty: there is only one way to believe and behave.

- *Highly informed and influenced by the digital world*

Everyone today is hooked on, glued to and, in various degrees, addicted to their electronic gadgets. But this is especially the case with generation Y. It not only fills their daily lives, it shapes their identity and perspective on life. Research has already indicated that, in spite of the fact that they are in continuous virtual contact with friends and peers, they still experience loneliness.

- *Strongly individualistic*

This characteristic is again closely related to the preceding two. Some writers even describe it as narcissism. Generation Me believes to be free to pursue their own self-actualization, regardless of custom and convention. I am going to live as I want. My identity is not given or ascribed, it is produced by me, it is a plastic self.

Writers distinguish between different kinds of this individualism. In its expressive form, the self and its needs are central. In the acquisitive form, consumer choices are paramount. (Some writers even speak of materialism.) The quest for intimacy is also construed according to digital personae.
In spite of different kinds of individualism, generation Me reveals a longing for personal relationships, for belonging.

- *A pluralistic outlook*

In the light of their stage of life as well as the present cultural situation, it comes as no surprise that generation Y will consider various worldview options. They are continuously experimenting, willing to try the new; they are postmodern to the core.

Closely connected to this characteristic is their distrust of tradition, authority, institutions and systems. This trait has important implications for how a Christian worldview should not be shared, for instance not as a rigid system.

- *Focussed on the now*

Since the past is gone and the future of this global village is uncertain, time for the Millennials is telescoped into the present, the instant, the now. Since the all-important today devours the past, tradition will be negligible. If the present cancels the future, personal responsibility dwindles. Such an episodic, fleeting present also influences social relationships – a lifelong marriage or career becomes dubious.

The last question to be answered is:

How should an integrated Christian worldview be received by a younger generation?

Of course an older generation often regards itself as representative of a better time and naturally wants to pass its worldview on. But they should never try to prescribe it. We should have faith in the younger generations to do better than we have done.

If the younger ones not only try to revive the past (repristination) or isolate themselves from the present (separation) the natural stance is

usually that they both look *back* at an authority or source of inspiration and in the light of the *present* forward to the *future*. My suggestions for the correct reception of a Christian worldview therefore include the following three steps.

In principle a perfect Christian worldview is never attainable – history is not static. In every generation we have to apply God's fundamental commandment of love in new, relevant ways.

- *Openness.*

  Try – even if you finally have to reject much of a heritage – to get on the wavelength of the old, to put yourself in their shoes. Approach the idiosyncrasies of the past with an open heart and mind. You may find inspiration in what was good in a tradition.

- *Creative reshaping*

  In principle a perfect Christian worldview is never attainable – history is not static. In every generation we have to apply God's fundamental commandment of love in new, relevant ways.

  Christ told us not to pour new wine into old wineskins. It will ruin both. Or to patch an old garment with new cloth. It will not match. The younger generation of today need a rearview mirror (tradition) to safely move forward. But the larger windshield of their own worldview should be more important.

- *A supportive community*

  Finally a Christian worldview is not the result of only one individual's efforts. It can only be developed within the safety of a Christian worldview community; such a community of friends and older fellow believers has to support them, encourage them and show confidence in them – the leaders of the future.

Conclusion

Christ's last command still holds today: We should be witnesses of His message: to each other and to the outside world – to the ends of the earth (Acts 1:8b). What does this imply?

It calls for evangelism. Through the work of the Holy Spirit people's hearts have to be *converted*. But we also need a *revival* of faith on the part of a significant number of Christians. The revival should be followed by *reformation.*

I am not optimistic that our small Gideon's band of reformational-minded people will be able to change the normative direction of today's dominant secular culture. But we may at least try to create a refuge, a worldview home for a younger generation of Christians. We may reclaim a place in the future by telling the next generation about a rich heritage.

Conversion, revival and an integral Reformational way of life are not humanly impossible because Christ's command was accompanied by His promise: "All authority in heaven and earth is given to Me. And surely I will be with you always, to the very end of the age" (Matthew 28:20b).

[1]Summary of paper delivered on 02/09/2016. The complete text to be published in the journal *In die Skriflig/In Luce Verbi* in 2017.

Van Staden, Ilse. 2016. **Waar die oog van stil word.** Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R143. ISBN: 978-1-4853-0605-4. 60pp.

Resensent: René Bohnen

In hierdie toeganklike, maar genuanseerde bundel ondersoek die digter die wisselende aard van stilte, totdat die slotgedig eindig met 'n uitroepteken, wat onteenseglik klank impliseer.

Stilte is 'n buidel om in te skuil, sê Ilse van Staden in 'n onderhoud*. 'n Voedende plek van veiligheid, dus, vermoed die leser. Maar dit is ook wáár dat die buidel mettertyd te klein raak vir die kangaroekind (p17, "buidel"). Dan moet die storm trotseer word, die bedrieglikheid van geborgenheid ondersoek word. Want stilte word "gestel soos 'n wip" sê die titelgedig (p31), wat ook 'n bepeinsing is oor die aard en betekenis van "oog". Hierdie gedig is 'n voorbeeld van die digter se vernuf met die heen en weer vou van klanke, die labirintiese ombuig van woorde en geringe verskuiwings in betekenis:

so word 'n oog stil alomstillend
…
oog-omstillend is die stilte ontstellend

Tydens 'n meditasie waarin die rasionele grootliks opgehef word, vervloei identiteit en die aard van elemente; word die werklikheid 'n droomlandskap van moontlikhede. Sodoende word skellende kraaie gelyk gestel aan die skryfaksie: *tien kraaie pik / hul pad oop / uit die eierdop van my keel* (p.55 "Dertien kraaie"). Maar die gedig sélf word ook baarmoeder en buidel (p17, "buidel") sodat die leser selfs die afleiding kan maak dat die Wóórd 'n koesterende moeder is en die spreker in 'n gedig gebore is – 'n beeld wat terugreik na die oopmaakgedig waar wakkerword dieselfde is as *'n stipstil oopmaak-gedig* (p7).

Later word die betekenis van die oog verder ontplooi, wanneer dit die stil plek in die storm word ("sikloon" p 52). Dit wil voorkom of die oog klankloos is, die kyk-aksie maak geen geluid nie. Tog is oog en woord onskeidbaar: *woorde wat lig en gaan lê / op die vlugtige retinas van mure* (p.33, "by die een oog in"). Indien die oog neutraal en objektief is soos die gedig beweer, *dis bloot 'n lens, 'n venster na 'n wye vertrek* (p36 "die oog is onskuldig"), sal dit alle perspektiewe as gelyk benader en nie voorkeure toon nie. 'n Speurtog na die waarheid van hierdie bewering lewer sensoriese skatte op. Want ook die stilte het sy vrugte.

Die bundel is 'n versameling uitgebreide indrukke en hierdie metodiese dog dromende ondersoek is tekenend van die digter se styl. Beelde en woordspelings is veelkantig, terwyl dieselfde tema dikwels uit wisselende hoeke betrag word, amper soos 'n mikroskoop wat geringe fokusverstellings ondergaan. So word stilte bekyk aan die hand van die diereryk, waar torre, selakante en eenhorings enkele van die verskeidenheid fauna is wat die bundel bewoon.

Dikwels word die kwaliteit van stilte ontgin deur 'n oordaad alliterasie en herhaling – 'n tegniek wat spanning bou tussen pole, soos in "vier-en-twintig swart voëls". Die opeenstapeling van klanke word in hierdie gedig 'n kakofonie, met *skel, skellend, lawaai* en *luid* wat dertien keer binne die bestek van twintig versreëls voorkom. Die funksionaliteit van hierdie tegniek is nie te bevraagteken nie, maar die geslaagdheid van die effek sal van leser tot leser verskil.

Tematies is die bundel gekonsentreerd en gefokus. Skeiding, verlies, grense en tussen-in ruimtes word beide emosioneel en rasioneel bekyk. Dit laat die leser met 'n weemoedigheid en vreemde liriese vrede; 'n tipe soet *saudade*. Taal en die poging tot verwoording bly die reddingsboei waarna die digter uitreik in 'n dreigende verdrinking en ballingskap. Die rol van die see is 'n ander interessante ondersoek, met 'n vars blik op byvoorbeeld die Stille Oseaan.

Net soos die stilte en die lieflike blink reis van slakke (p.20 en p.21), maak Van Staden se gedigte ook patrone. Party verse maak jou rustig, ander laat jou groei; sommiges is bedrieglik sussend. Maar jy gee jou gewillig hieraan oor. Want die bundel is heerlik, soos 'n buidel. Of 'n wip.

Die aanwending van religie vir kulturele diversiteitsonderrig in Publieke Administrasie

Gerrit van der Waldt
(Navorsingsprofessor: Regeerkunde, NWU Potchefstroomkampus)
Gerrit.vanderwaldt@nwu.ac.za

Veranderende bestuursdinamika en diverse wêreldbeskouings is 'n groterwordende realiteit van regering. 'n Heterogene openbare sektor sowel as bevolkingsprofiel is nou verweef met die wyses waarop openbare beleid interpreteer en implementeer word. Hierdie realiteit maak dit noodsaaklik dat 'n voornemende openbare sektor amptenary sensitief gemaak en kognitief voorberei word vir die potensiële invloed wat kulturele diversiteit, insluitend religieuse en geloofsperspektiewe, op algemene bestuur en regeringsdienslewering kan uitoefen.

Konflik van belange, diverse wêreld- en lewensbeskouings en waarna Kennedy en Malatesta (2010) en Flick (2014:11) verwys as die "pluralisering van lewenswêrelde", kenmerk toenemend die funksionering van die openbare sektor in 'n postmoderne samelewing. As gevolg van die heterogene aard van die bevolking van Suid-Afrika, raak kulturele diversiteit (insluitend aspekte soos etiek, waardes, religie, moraliteit, tradisies en gedrag) 'n onontbeerlike deel van enige kurrikulum van akademiese programme vir Publieke Administrasie. Dit is dus nodig om oor die noodsaaklikheid van kulturele diversiteitsonderrig te besin, veral ten opsigte van die bydrae wat verskillende religieuse perspektiewe in die verband kan lewer.

In praktyk is die meeste regerings betrokke by religie, hetsy deur dit te handhaaf, dit te beperk, of beide.

Godsdienstige tradisies is intrinsiek met die politiek en bestuur van state wêreldwyd verweef. Die wyse waarop hierdie tradisies manifesteer hang ondermeer van die spesifieke grondwetlike bedeling van die staat, die mate van demokrasie, en die handhawing van basiese menseregte af. In praktyk is die meeste regerings betrokke by religie, hetsy deur dit te handhaaf, dit te beperk, of beide. In sy werk *Political Secularism, Religion and the State,* voer Fox (2015) aan dat twee derdes van alle lande in die wêreld 'n enkele religie onderskryf. 'n Verdere 9% van state is openlik vyandig teenoor religie en beperk alle godsdienstige praktyke. Volgens Fox kan slegs 43 uit 193 lande (22%) as neutraal oor religieuse kwessies beskou word. Die meeste van hierdie regerings ondersteun of reguleer religie op een of ander wyse. Die onderskeid tussen tempel (geloof) en troon (regering) vervaag egter toenemend.

Kulturele Godsdiensdiversiteit in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse bevolking word dikwels as "reënboognasie" beskryf met diverse kulture. Volgens *Statistics South Africa* se Halfjaarlikse Bevolkingspeilings (2016), word die land se bevolking van 50,59 miljoen as volg in hoofstroom godsdiensgroepe verdeel:

- Christen (79,8%);
- Islam (1,5%);
- Hindoe (1,2%); en
- Tradisionele Afrikagelowe (0,3%).

Die Suid-Afrikaanse samelewing word dikwels deur konflik tussen godsdienstige en etniese groepe gekenmerk. Vandaar die standpunt dat die onderrig van kulturele diversiteit 'n onontbeerlike deel van enige kurrikulum van akademiese programme in Publieke Administrasie behoort te wees. Om dit te bewerkstellig behoort die volgende vrae beantwoord te word: Wat behoort studente te weet oor die rol van die regering in die samelewing en hoe beskou verskillende geloofsgroepe hierdie rol? Hoe kan religieuse wêreldbeskouings aangewend word

om kulturele diversiteitskennis oor te dra? Watter doseermetodiek is die mees geskikte vir kulturele diversiteitsonderrig? 'n Volledige besinning van hierdie vrae val buite die bestek van hierdie artikel. Enkele raamwerkargumente kan egter formuleer word.

Diversiteit behels nie bloot die manier waarop mense hulself beskou nie, maar ook hoe hulle ander beoordeel. Daar word algemeen argumenteer dat hoe meer divers mense is, hoe meer aandag behoort geskenk te word aan kwessies soos interkulturele kommunikasie, aanpasbaarheid, sensitiwiteitsonderrig en die bevordering van verdraagsaamheid.

Kulturele diversiteit: 'n konseptuele en kontekstuele oriëntering

Rice (2004:145) definieer "kultuur" as 'n stel waardes, simbole en rituele wat deur lede van 'n groep gedeel word. Norman-Major en Gooden (2012) let veral op die noue verband tussen kultuur en wêreldbeskouing. Hul kom tot die slotsom dat "... almal na die wêreld deur middel van 'n spesifieke en unieke lens kyk". Dit gee betekenis aan menslike bestaan en gewaarwordings. Hul propageer in hierdie verband die vestiging van kulturele bevoegdheid, bewustheid en sensitiwiteit om kennis van ander kulture op te doen. 'n Kultureel "bevoegde" persoon behoort in staat te wees om sosiale ongelykhede te vertolk en om maatskaplike geregtigheid te bevorder. Die *National Academy of Public Administration's Standing Panel on Social Equity* (2000:2-3) definieer kulturele bevoegdheid binne die konteks van die openbare sektor as:

> "... the fair, just and equitable management of all institutions serving the public directly or by contract, and the fair, just and equitable distribution of public services, and the implementation of public policy, and the commitment to promote fairness, justice and equity in the formation of public policy".

Diversiteit verwys oor die algemeen na die uniekheid van groepe mense en daardie kwaliteite en eienskappe wat 'n persoon van ander onderskei (Devoe 1999:18). Diversiteit behels nie bloot die manier waarop mense hulself beskou nie, maar ook hoe hulle ander beoordeel. Daar word algemeen argumenteer dat hoe meer divers mense is, hoe meer aandag behoort geskenk te word aan kwessies soos interkulturele kommunikasie, aanpasbaarheid, sensitiwiteitsonderrig en die bevordering van verdraagsaamheid.

Godsdienstige en kulturele diversiteitsonderrig in publieke administrasie

Claver et al. (1999:448) en Rice (2004:145) voer aan dat regerings 'n "samelewingsgeoriënteerde kultuur" behoort te bevorder deur die wyses waarop dienste gelewer word, die mate van doeltreffendheid en doelmatigheid in die aanwending van hulpbronne en die responsiewe wyses waarop die funksionering van staatsinstellings die waardes, norme, en kultuur van die gemeenskap weerspieël. Die skrywer argumenteer dus dat aspirantstaatsamptenare onderrig behoort te word in etiese gedrag, kulturele diversiteit en administratiefmorele uitdagings. Veral drie teorieë kan as 'n metaraamwerk hiervoor dien, te wete Sosiale Identiteitsteorie, Ooreenkoms-Aantreklikheidsteorie, en Sosiale Integrasieteorie. Hierdie teorieë kan 'n positiewe bydrae lewer om die volgende normatiewe dimensies in Publieke Administrasie-onderrig oor te dra:

- aard van regeringswaardes en norme;
- sosiale gelykheid, geregtigheid en integrasie;
- etiese gedrag en persoonlike karakterontwikkeling;
- burgerskapsbeginsels; en
- openbare belang.

Volgens Clouser (1991:7) het al die prominente godsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme, Judaïsme, die Christendom en Islam almal een aspek in gemeen, naamlik die aanwesigheid van 'n "divineness". Hoe beoefenaars van hierdie godsdiensgroeperinge die rol van die regering in 'n samelewing beskou, sowel as hoe hul met ander kultuurgroepe omgaan, hang grootliks af van hul beskouing van hierdie "godheid" (Clouser 1991:7). Hierdie religieuse perspektiewe dien as gunstige

instrument vir kulturele diversiteitsonderrig in Publieke Administrasie.

Vanuit 'n Christelike perspektief toon Ou-Testamentiese tekste dat menslike regering na die vloed (Gen 9:6) deur 'n God van orde (1 Kor 14:33) gevestig is. Dit het aanleiding gegee tot die strewe na die daarstelling van 'n teokrasie waarin God as die hoof van regerings funksioneer. Die sondige aard van die "gevalle" mens (Rom 3:23) noodsaak beheer deur 'n burgerlike regering. Wat kulturele diversiteit betref, het die Christelike geloof in die algemeen 'n wêreldbeskouing van menswaardigheid gebaseer op ondermeer gelykheid (Rom 10:12), naasteliefde (Mark 12:31), vergifnis (Ef 4:32), deernis (1 Joh 4:20-21) en 'n altruïstiese fokus (Fil 2:4).

In die geval van Islam is 'n relatief gesofistikeerde stelsel van regering met die pre-Islam heerskappy van Hammurabi (1795-1750 vC) gestig – veral met die daarstelling van sy Kode van Hammurabi, bestaande uit 282 bepalings. Die Moslem se beskouing van regering kan saamgevat word deur die volgende teks: "Luister na Allah en gehoorsaam die Boodskapper en diegene in gesagsposisies; as jy stry (met jou owerhede) oor enigiets verwys dit na Allah en die Boodskapper" (Heilige Koran 4:59). Enige meningsverskil tussen mense moet dus met behulp van die Heilige Koran en die voorbeeld van die Heilige Profeet besleg word.

Die Hindoe-idees van regering is grootliks gebaseer op die filosofie van *Matsya nyaya*, wat letterlik die "Wet van die vis" of die "Wet van die oerwoud" beteken. Indien daar geen gesag (regering) bestaan om mense in bedwang te hou nie, sal die "sterkes" die "swakkes" in die samelewing vernietig (Halbfass 1991:45). In terme van kulturele diversiteit is daar nie 'n enkele, omvattende filosofiese leer wat alle Hindoes deel nie. Dit kan eerder as 'n versameling van filosofiese sienings beskou word wat gebasseer is op 'n verskeidenheid heilige tekste (*Vedas*) (Bharata 2007). Gemeenskaplike elemente is egter onderskeibaar en sluit veral vier waardes in, naamlik *dharma* (etiese optrede), *artha* (ekonomiese welvaart), *kama* (plesier), en *mokṣa* (bevryding en strewe na volmaaktheid). Wat kulturele perspektiewe betref, is die kastestelsel (*varna*) die oorheersende siening. Die samelewing word in 'n stel klasse verdeel naamlik die *Brahmins* (priesterlike en wetenskaplike kaste), *Kṣatriya* (koninklike kaste), *Vaiśyas* (handelaarkaste) en *Sūdras* (arbeidkaste).

Ook tradisionele Afrikagelowe is veelsydig en in feitlik alle godsdienste word 'n verskeidenheid geestelike entiteite (*orisa*), tussengangers en voorvadergeeste aangetref. Volgens Mbiti (1990) word Afrikagelowe gekenmerk deur die vermenging van inheemse religie met meer konvensionele hoofstroomgelowe (sinkretisme). Regeringsperspektiewe is grotendeels gebaseer op patriargale politieke leierskap ("chiefs") (Awolalu 1976:5). Kulturele diversiteitsperspektiewe word voorts gekenmerk deur die beginsels van *Ubuntu,* 'n Nguni-woord wat letterlik "mense is mense deur ander mense" beteken. Dit rig alle verhoudings, identiteit, waardes, regte en verantwoordelikhede van lede van 'n gemeenskap.

Kulturele diversiteitsonderrigmetodiek

'n Omvattende literatuuroorsig toon dat sekere onderrigmetodes veral nuttig in die konteks van kulturele diversiteitsonderrig kan wees. Veral die volgende metodes is geskik om religie as instrument tot kulturele sensitiwiteit aan te wend:

- Gevallestudies: Studente word 'n tweedelige opdrag gegee, naamlik om eerstens openbare bestuurs-/administratiewe dilemmas in die betrokke geval te identifiseer en tweedens om hierdie dilemma in verband met teorieë en beginsels van kulturele diversiteit en religieuse perspektiewe te bring. Studente moet uit 'n wye verskeidenheid geloofsposisies beoordeel hoe sekere groeperings in die samelewing deur sekere regeringsbeleid en aksies geraak kan word.

- Nie-beoordelende (*non-judgemental*) dialoog: Geleenthede word geskep waar studente van mekaar se diverse ervarings, geloofsperspektiewe en wêreldbeskouings kan leer. Sogenaamde "veilige ruimtes" word geskep waartydens kwessies van persoonlike en sosiale identiteit ondersoek word. Volgens Rubin (2012:24) bevorder hierdie tegniek kollektiewe leer om begrip en sensitiwiteit vir onbekende identiteitsgroepe in die samelewing te bou.

- Kritiese ontledings: Hierdie onderrigstrategie berus op 'n grondslag van onderlinge dialoog waar dosente studente word en

studente dosente. Hierdie instrument is veral voordelig waar diep begrip van kulturele diversiteit staatmaak op die uitruil en deel van verskeie perspektiewe. Kritiese ontledings berus ondermeer op die formulering van uiteenlopende standpunte. Die metode is veral geskik om studiemateriaal te internaliseer, om akademiese onderrig met realistiese intydse kwessies te vervleg en om sosiale geregtigheid in sekere regeringsposisies te bevorder (Augustine 2004:4-5).

- "Teen-die-grein lees": In hierdie onderrigmetode verwys "lees" na die ontleding van die konteks waarin dit geskryf is. Studente word aangemoedig om die bepaalde standpunt(e) wat in die teks gestel word te identifiseer en om met alternatiewe interpretasies vorendag te kom. Klem val op die identifisering van gapings in argumentasie, teenstrydighede, oortuigings en houdings – veral vanuit verskillende religieuse vertrekpunte.

- Teks-na-teks, teks-na-self, teks-na-wêreld: In hierdie metode word studente versoek om drie vlakke van konneksie in die teks te oorweeg (Keene and Zimmerman 1997). Eerstens moet hul die verband tussen die teks en ander studiemateriaal oorweeg. Tweedens moet hulle bepaal tot welke mate die teks tot hul persoonlike lewenservarings spreek, en derdens moet hul die konneksies tussen die teks en die breër samelewingskonteks ontleed. Die primêre doel is om studiemateriaal binne die lewenswêreld van studente sowel as aktuele kwessies rondom kulturele diversiteit te plaas.

- Legkaart (*jigsaw*): Hierdie metode impliseer 'n georganiseerde klaskameraktiwiteit waarin studente interafhanklik funksioneer. Klasse word in groepe verdeel wat kulturele en/of religieuse groeperinge verteenwoordig en opdragte word in segmente ("legkaartstukkies") aan elke groep oorgedra. Die onderskeie groepe se onderskeie segmente en insette is nodig ten einde die "legkaart" te voltooi (Perkins and Saris 2001:112).

- Persoonlike refleksie: Studente word aangemoedig om studiemateraal met hul eie lewens- en wêreldbeskouing te kontrasteer. Refleksie word bewerkstellig deur individuele gesprek, groepsopdragte en klasbesprekings (Rubin 2012:24).

Daar behoort met individuele studente se behoeftes, kulturele agtergrond, vaardigheidsvlakke en leerprofiele rekening gehou te word.

Met die toepassing van bogenoemde onderrigmetodes behoort veral twee aspekte beklemtoon te word. Eerstens behoort dosente wat kulturele diversiteitskwessies in Publieke Administrasie onderrig, 'n gedifferensieërde onderrigbenadering te volg. Daar behoort met individuele studente se behoeftes, kulturele agtergrond, vaardigheidsvlakke en leerprofiele rekening gehou te word. Tweedens behoort dosente by hoër onderwysinstellings ten volle te voldoen aan hul diensvoorwaardes, onderrigbeleid en doseerriglyne. Onderrigtyd en akademiese ruimte behoort nie misbruik te word deur studente te "bedien" of om diegene met verskillende geloofsoortuiging tot ander insigte te probeer bring nie. Die klem behoort te alle tye op wetenskaplikheid en ideologiese billikheid te val om studente te sensiteer oor die diversiteitsrealiteite in die samelewing ten einde die mees geskikte respons as voornemende openbare bestuurder te identifiseer.

Gevolgtrekking

Die uitgangspunt was dat religie en 'n bepaalde wêreldbeskouing 'n onlosmakende deel van elke samelewing is. Religie is in elke staat in 'n mindere of meerdere mate teenwoordig en is as sulks nou verweef met die verantwoordelikheidsdomein van openbare bestuurders. Indien die nodige sensitiwiteit en omsigtigheid in bepaalde bestuursresponse nie nagekom word nie, kan dit tot ernstige regeringslegitimiteitskwessies en konfliksituasies tussen groepe aanleiding gee. Dit is dus noodsaaklik dat voornemende openbare bestuurders volledig georiënteer word oor die aard en omvang van kulturele diversiteitskwessies in die samelewing in die algemeen en religieuse oortuigings in die besonder.

Bronne

Augustine, J. 2004. Creating culturally competent programs. *Transitions,* 15(3):4-5.

Awolalu, J.O. 1976. What is African Traditional Religion? *Studies in Comparative Religion,* 10(2):1-10.

Bharata, P. 2007. *Political philosophy: The Indian perspective.* Toronto: York University. http://www.iep.utm.edu/hindu-ph/. Besoek op 30 Januarie 2017.

Claver, E., Llopis, J., Gasco, J.L., Molina, H. en Conco, F.J. 1999. Public Administration: From bureaucratic culture to citizen-oriented culture. *The International Journal of Public Sector Management,* 12(6):445-464.

Clouser, R.A. 1991. *The myth of religious neutrality: An essay on the hidden role of religious belief in theories*. London: Notre Dame University Press.

Devoe, D. 1999. *Managing a diverse workforce*. San Mateo, CA: InfoWorld Media Group.

Flick, U. 2014. *An Introduction to qualitative research*. 5th ed. London: Sage.

Fox, J. 2015. *Political Secularism, Religion, and the State: A Time Series Analysis of Worldwide Data*. New York, NY: Cambridge University Press.

Halbfass, W. 1991. *Tradition and reflection: Explorations in Indian thought*. Albany, NY: State University of New York Press.

Keene, E. en Zimmerman, S. 1997. *Mosaic of thought*. Portsmouth, NH: Heinemann.

Kennedy, S.S. en Malatesta, D. 2010. Safeguarding the public trust: Can administrative ethics be taught? *Journal of Public Affairs Education,* 16(2):161-180.

Mbiti, J.S. 1990. *African religions and philosophy, African writers series*. Johannesburg: Heinemann.

National Academy of Public Administration. 2000. Standing panel on social equity. Issue paper and work plan. http://www.napawash.org/fellows/standing-panels/social-equity-in-governance/22-uncategorized-pages4/1110-5standing-panel-on-social-equity-in-governance-charter.html. Besoek op 17 January 2017.

Norman-Major, K.A. en Gooden, S.T. 2012. *Cultural competency for public administrators.* London: Routledge.

Perkins, D.V. en Saris, R.N. 2001. A "Jigsaw classroom" technique for undergraduate statistics courses. *Teaching of Psychology,* 28(1):111–113.

Rice, M.F. 2004. Organizational culture, social equity, and diversity: Teaching Public Administration education in the postmodern era. *Journal of Public Affairs Education,* 10(2):143-154.

Rubin, M. 2012. Social class differences in social integration among students in higher education: A meta-analysis and recommendations for future research. *Journal of Diversity in Higher Education,* 5:22-38. DOI: 10.1037/a0026162.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za

ACB/REBSA as die stem van Potchefstroom[1]

Amie van Wyk
(Emeritus professor, NWU Potchefstroomkampus)
amiejanvw@gmail.com

Hierdie artikel is gebaseer op 'n konferensiereferaat wat op 2 September 2016 by "Die noodsaak vir 'n kontemporêre Christelike wêreldbeskouing"-konferensie aangebied is.

Inleiding

Wanneer ek iets oor die *Afrikaanse Calvinistiese Beweging* (ACB), later genoem die *Reformato-riese Beweging van Suider-Afrika* (REBSA), moet sê, moet daar uiteraard by die begin begin word. Die naamsverandering dui al op 'n bepaalde ontwikkeling, iets van 'n wegbeweeg van die naam 'Calvinisme' na 'Reformatories' – moontlik omdat Calvinisme te eksklusief en omstrede sou wees en Reformatories breed en inklusief. As ek die woord 'Calvinis/me' in hierdie artikel gebruik, is dit dus altyd met 'n voorbehoud en in aanhalingstekens; ek bedoel daarmee eintlik 'reformatoriese Christene'. In elk geval wil al die benamings teruggryp op die vyf bekende solismes van die Reformasie van die sestiende eeu: *soli Deo Gloria* (aan God alleen die eer), *solus Christus* (Christus alleen), *sola gratia* (genade alleen), *sola fide* (geloof alleen) en *sola Scriptura* (die Skrif alleen). Die terme wil dus teruggryp na sen-trale temas van die Skrif, wat later deur by-voorbeeld Abraham Kuyper ontwikkel is met sy Christokratiese ideaal en voor hom Johannes Calvyn met sy teokratiese ideaal. Dit is alles 'n teruggryp na die opgestane Christus se bekende woorde: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt 28:18). En nog verder terug na die belydenis van Israel: "Die Here regeer" (Ps. 97:1). Alles in die skepping staan onder die heerskappy van God en Christus en moet diensbaar wees aan sy komende koninkryk van vrede, vreugde en geregtigheid.

Dít was die *Leitmotiv* van die Doppers, gereformeerdes en 'Calviniste' en talle Christene deur die eeue heen. Die lewe voor die aangesig van God (*coram Deo*) vorm 'n onlosmaaklike eenheid en mag nie verdeel word in 'n godsdienstige en 'n wêreldse, 'n sakrale en sekulêre deel nie. Twee aspekte is in hierdie verband altyd besonderlik beklemtoon: alles op aarde staan onder die heerskappy van Christus en alles moet in die lig van die Skrif beoordeel word. Hoé dit presies in die praktyk gedoen behoort te word, is natuurlik weer 'n ander vraag en in hierdie opsig het die 'Calviniste' dikwels gefaal.

Die ACB is op 20 Maart 1953 onder leiding van professore Fanus du Toit, LJ du Plessis, DW Krüger, JH Coetzee en andere gestig met die doel om die Calvinistiese denkrigting asook die saak van die Universiteit (PUCHO) te bevorder en voorts om finansiële ondersteuning aan die Universiteit te verleen. 'n Jaar na die stigting van die ACB, word die mondstuk daarvan, naamlik *Woord en Daad*, in 1954 opgerig met die doel om politieke en maatskaplike vraagstukke vanuit Christelike perspektief te beoordeel. Latere bekende redakteurs van die blad was prof JH Coetzee (1970-1981) en Lourens du Plessis (1981-1986). (Ek self was vir 'n kort rukkie redakteur in 2002-2003, omdat ek in 2003 as redakteur van *Die Kerkblad*, blad van die GKSA, aangewys is – ek onthou dit was vir my 'n moeilike keuse).

Propagandiste van patriotisme

Die ontstaan van die ACB, asook *Woord en Daad*, vind plaas na die selfstandigwording van die PUCHO in 1951, en na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 waartydens patriotisme en nasionalisme 'n hoogkonjunktuur beleef. Die ervarings wat ook Gereformeerde lidmate tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902)(tans genoem die Suid-Afrikaanse Oorlog) gehad het, en die nagevolge daarvan, was duidelik sigbaar ook by die mense van Potchefstroom. Die Afrikanervryheidstryd was teen Britse imperialisme gerig en die ideaal van swart bevryding van Afrikane is binne hierdie konteks totaal verontagsaam en misgekyk. Die Calvinisme (Calvyn)

het tog altyd 'n regverdige verset teen 'n diktatoriale owerheid gebillik!

Dit alles het meegebring dat die Calviniste van Potchefstroom in die vyftiger en sestiger jare probeer het om 'n prinsipiële perspektief op die apartheidsbeleid van destyds te bied, maar 'n kritiese deurdenking daarvan het nog grotendeels ontbreek. Egter nie heeltemal nie, want in 1959 het professore LJ du Plessis, DW Krüger en JH Coetzee 'n hele beroering veroorsaak toe hulle in die *Sunday Times* geargumenteer het dat swart nasionalisme nie geïgnoreer kan word nie en kontak met die ANC gemaak moet word, asook dat die toepassing van apartheid bevraagteken behoort te word.

In die sewentiger- en tagtigerjare sou die kritiese herevaluering van die politieke en staatkundige beleid van Suid-Afrika algaande skerper onder die vergrootglas kom. Die redakteur van *Woord en Daad*, prof Hennie Coetzee, het in sy artikels deurlopend kritiese vrae oor apartheid gestel en algaande die uitvoering van die beleid skerp bevraagteken. Sy sentrale motief was dié van geregtigheid: sonder geregtigheid gaan 'n volk ten gronde.

Kritiese herevaluering

In die sewentiger- en tagtigerjare sou die kritiese herevaluering van die politieke en staatkundige beleid van Suid-Afrika algaande skerper onder die vergrootglas kom. Die redakteur van *Woord en Daad*, prof Hennie Coetzee, het in sy artikels deurlopend kritiese vrae oor apartheid gestel en algaande die uitvoering van die beleid skerp bevraagteken. Sy sentrale motief was dié van geregtigheid: sonder geregtigheid gaan 'n volk ten gronde.[2] Sy opvolger, Lourens du Plessis, het hierdie kritiese vraagstelling voorgesit en dit te midde van redelike verdeeldheid op die kampus van die Universiteit.

Veral twee gebeurtenisse staan uit in die sewentigerjare. Die eerste is die ACB-kongres wat in 1976 in Potchefstroom gehou is en oor die tema van geregtigheid gehandel het. Talle bekende sprekers, soos professore Johan Heyns, Erika Theron, Johan van der Vyver en Tjaart van der Walt het hier opgetree. Heyns het aangevoer dat "radikale gehoorsaamheid aan die eis van Bybelse geregtigheid sal bewys dat die stelsel wat tans as apartheid in Suid-Afrika bekend staan, nooit as 'n ewigdurende, algemeen geldende stelsel oral en altyd, ook wanneer omstandighede verander het, sal kan bly voortbestaan nie." Terwyl Van der Walt in die voorwoord nog melding daarvan gemaak het dat dit veral gaan oor die "wyse waarop hierdie beleid [van apartheid]" uitgevoer word, het Van der Vyver in sy voordrag veel verder gegaan en eintlik afskeid geneem van apartheid as sodanig. (1976 was die jaar van die Soweto-opstande). Tydens die ACB-kongres wat in 1983 in Johannesburg gehou is, het Jaap Durand en ekself op hierdie stramien voortborduur.

'n Tweede gebeurtenis was die verskyning van die *Koinonia-Verklaring* in 1977, waarby 'n aantal van die jonger dosente van die PUCHO betrokke was en waarin die apartheidsbeleid krities bevraagteken is. Vroeg in 1978 het die Universiteitsraad die verklaring ten sterkste afgekeur.

(Alhoewel dit nie direk deur die ACB geïnisieer was nie, het die ACB tog die denkklimaat daarvoor geskep dat die PUCHO die eerste van die klassieke Afrikaanse universiteite was wat in 1973 nieblanke nagraadse studente toegelaat het, asook die eerste nieblanke studente op voorgraadse vlak in 1983.)

In hierdie verband moet daarvan melding gemaak word dat die "stem van Potchefstroom" 'n stem vir geregtigheid was en dit in noue aansluiting by die teologie van Calvyn, iemand wat voortdurend in sy preke en in sy *Institusie* groot klem op die begrip geregtigheid gelê het. In een van sy preke oor die Tien Gebooie noem hy dat daar twee essensiële dinge in die lewe is, naamlik om God suiwer te dien en dat ons met ons medemense in alle opregtheid en regverdigheid (en billikheid) sal verkeer. Die doel van die ganse wet van God, voer hy aan, is die

vervulling van geregtigheid sodat die mens se lewe in vergelyking met die voorbeeld van God se reinheid gevorm kan word (Inst. 2.8.51). So is dit ook die taak van die burgerlike regering om geregtigheid en reg te handhaaf, wat impliseer dat die hulpeloses beskerm word en die onderdrukkers weerstaan word (Inst. 4.20.9). Geregtigheid is vir Calvyn, saam met vryheid (Inst. 4.20.8), 'n sleutelbegrip in die staatsleer. Wanneer die voltooide koninkryk van God in die Bybel beskryf word, word net een woord gebruik en dit is die woord 'geregtigheid' (2 Pet 3:13). Dáár is alles reg!

In Julie 1988 het die redakteur van *Woord en Daad*, prof Jacques van der Elst, 'n pleidooi gelewer vir die vrylating van Nelson Mandela, wat nogal veel verset by konserwatiewe Afrikaners veroorsaak het.

Die oomblik van waarheid

In die tagtigerjare was die menings op die kampus redelik uiteenlopend, hoewel die stem van Potchefstroom van tyd tot tyd tog wel hoorbaar was.

In Julie 1988 het die redakteur van *Woord en Daad*, prof Jacques van der Elst, 'n pleidooi gelewer vir die vrylating van Nelson Mandela, wat nogal veel verset by konserwatiewe Afrikaners veroorsaak het.

Die groot oomblik van waarheid het egter op 2 Februarie 1990 aangebreek toe FW de Klerk, 'n oudstudent van die PUCHO, onverwags die ontbanning van politieke organisasies en die vrylating van Nelson Mandela aangekondig het en gevolglik 'n totaal nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika ingelui het. In sy outobiografie, *Die laaste trek – 'n nuwe begin* (1998) verwys hy herhaaldelik daarna dat die motief van geregtigheid 'n deurslaggewende rol in sy besluitneming gespeel het. Apartheid was 'n beleid wat medemense veronreg het en daarom immoreel en onvolhoubaar was. Dit is opvallend dat juis iemand wat sy regstudie in die dampkring van die Calvinisme voltooi het, die begin van die einde van strukturele apartheid ingelui het, dit terwyl die Calviniste dikwels daarvan beskuldig word dat dit juis húlle was wat apartheid ontwerp en ontwikkel het (Irving Hexham en Dunbar Moody). In sy boek maak De Klerk dankbaar melding van "die geweldige invloed" (sy eie woorde) wat die PUK op hom gehad het – 'n uitspraak wat in skerp kontras staan met dié van sy tydgenoot André P Brink, soos Brink dit in sy outobiografie *'n Vurk in die pad* (2009) beskryf. Ook Chris Louw (Boetman) het in sy boek *Boetman en die swanesang van die verligtes* (2001) skerp kritiek teen die Calviniste van Potchefstroom uitgespreek, maar sonder om enigsins erkenning te verleen aan die kritiese stemme wat vanuit Potchefstroom opgeklink het.

'n Volgende noemenswaardige gebeurtenis in die negentigerjare was toe vier Calviniste, professore Bennie van der Walt, Ponti Venter, ekself en ds. Alwyn du Plessis, 'n openbare *Skuldbelydenis* oor apartheid in 1997 die lig laat sien het. Daarin bely hulle dat hulle nalatig was om betyds en sterk genoeg teen die beleid en gevolge van apartheid te getuig. Die Skuldbelydenis het eers in *Woord en Daad* (361/1997) verskyn en daarna in *Beeld* van 7 Oktober 1997. Eersgenoemde twee persone het hierdie Skuldbelydenis in 1997 aan die Waarheids- en Versoeningskommissie (WRK) in Oos-Londen voorgelê en ek kon hierdie belydenis in 2014 tydens 'n konferensie van herbesoek (of herdenking) aan die WRK in Stellenbosch opnuut voordra.

Hierna het die stem van Potchefstroom redelik stil geword. Tydens die groot politieke oorgang in 1990 en 1994 het Potchefstroom se stem grotendeels weggeraak en die vraag is waarom dit gebeur het. Die tyd het lankal aangebreek vir 'n voortgesette prinsipiële nadenke oor en kritiek ten opsigte van ons politieke koers, denke wat die kenmerke moet dra van menswaardigheid, vryheid, versoening en geregtigheid, in kort van goeie waardes.

Die fokus in hierdie artikel was tot dusver op die ACB/REBSA, maar vermelding verdien ook die besondere relasie wat daar met die *Instituut vir die Bevordering van Calvinisme* (IBC), in 1962 onder leiding van prof Hennie Bingle gestig en in 1981 herbenoem is tot die *Instituut vir Reformatoriese Studie* (IRS), bestaan het en waarvan prof Bennie van der

Walt die eerste voltydse Direkteur sedert 1973 was. Die doel was om die reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra. 'n Enorme hoeveelheid studiestukke en boeke oor haas elke faset van die lewe het met reëlmaat verskyn (en ekself was bevoorreg om 'n aantal hiervan te lewer; in 1990 is erelidmaatskap van die IRS aan my toegeken). 'n Belangrike uitvloeisel van die werk van IRS was die stigting van die *International Association for the Promotion of Christian Higher Education* (IAPCHE). Hierdeur is kontak gelê met internasionale Christelike universiteite en dikwels is kongresse oor aktuele onderwerpe gehou.

Vermelding verdien ook die ontstaan van die *Sentrum vir Geloof en Wetenskap* wat in 1996 ontstaan het met prof PGW du Plessis as eerste direkteur, met die doel om as 'n ondersteuningsdiens vir grondslaekwessies te dien vir die nagraadse en navorsingsgemeenskappe.

Die pad vorentoe

Ek sluit af met, wat ek meen, kan dien as enkele Christelike rigtingwysers vir ons pad vorentoe in Suid-Afrika vandag. Ek sluit aan by sommige van die reeds genoemde solismes.

Ten eerste verwys ek na die tema van *solus Christus* en sluit aan by Calvyn wat in sy Christologie sterk klem gelê het op die drie ampte van Christus, naamlik profeet, priester en koning, en by implikasie ook die drie ampte van Christene as navolgers van Christus. Christelike organisasies, soos REBSA, sal opnuut hul profetiese taak in die samelewing moet uitleef en op moedige en onverskrokke wyse die regering van die dag moet aanspreek oor korrupsie, selfverryking, nepotisme, magsmisbruik en totale wanbestuur van die land. Vreedsame protesoptogte kan deel vorm van hierdie openbare protes. Ons staatspresident maak hom helaas skuldig aan totale wanbestuur en selfverryking en kan onmoontlik langer met morele integriteit regeer. *Terwyl daar in die vorige bedeling deur sommige gebid is dat 'n onwettige (illegale) owerheid tot 'n val moet kom, bid ek tans dat 'n wettelose (illegitieme) staatspresident sy amp moet neerlê*. 'n Staatspresident wat van mening is dat die ANC sal regeer "tot Jesus weer kom", het geen begrip van wat demokrasie beteken nie en vertoon alle trekke van 'n diktator. Om gesag uit te oefen, beteken volgens die Christelike boodskap "om te dien".

In 'n land van groot armoede en werkloosheid moet ook groot klem gelê word op die priester-like funksie van Christene wat daadwerklik en konkreet na werkloses en weerloses in die samelewing moet uitreik. Is dit nie tyd dat gevra word dat elke Christen met gemiddelde inkomste moet instaan vir die bou van minstens een redelike huisie in 'n plakkerskamp nie?

In 'n land van groot armoede en werkloosheid moet ook groot klem gelê word op die priester-like funksie van Christene wat daadwerklik en konkreet na werkloses en weerloses in die samelewing moet uitreik. Is dit nie tyd dat gevra word dat elke Christen met gemiddelde inkomste moet instaan vir die bou van minstens een redelike huisie in 'n plakkerskamp nie?

Tweedens verwys ek na die spreuk *sola Scriptura*. Vir Christene in die reformatoriese tradisie is dit gemeengoed om die gesag van die Skrif te aanvaar en Skriftuurlik te redeneer, maar dit is nie altyd duidelik hoé die Skrif hanteer behoort te word nie. Talle hiper-Calviniste in Suid-Afrika het apartheid vanuit die motiewe van volkeverskeidenheid en skeppingsordinansies teologies probeer regverdig en was onbewus van die ideologiese vooroordele waarmee hulle die Skrif gelees het. Calviniste het opnuut onder die besef gekom dat met die spreuk "die Skrif alleen", die Skrif dikwels nié alleen is nie, maar vergesel word van 'n reeks vooroordele wat verblind en verdoof. In hierdie verband kan die Christologie (Heb. 1:1-2), as God se hoogste en laaste Woord, ons baie help om die Skrif suiwerder te verstaan. Die naam 'Christus' staan vir eenheid en versoening en is ligjare verwyder van die begrippe apartheid en verdeeldheid.

Hier kom, derdens, nog iets by, iets wat in die vyf solismes ontbreek, naamlik die *solus Spiritus*, die werk van die Heilige Gees wat in die hele waarheid lei (Joh. 16:13). Die verligtende werk van die Gees is nodig om die Skrif reg te verstaan. Hierdie onderwerp is in die klassieke teologie en filosofie en staatsleer totaal onderbelig en dít terwyl Calvyn se langste boek in sy *Institusie* (boek 3) juis oor die Heilige Gees handel. Ons lees die Bybel verkeerd as ons dit rasionalisties lees sonder die verligtende inwerking van die Gees van God.

Vierdens, wat die samelewingsleer betref, moet besef word dat 'n gesonde samelewing voortdurend moet reformeer en transformeer en wel aan die hand van verantwoorde morele waardes en norme: *societas semper reformanda.* Die tema van geregtigheid behoort hierin 'n sentrale plek in te neem. Onreg laat 'n samelewing ineenstort.

Daar is net een pad wat betekenisvol vir die samelewing in Suid-Afrika kan wees en dit is die pad van geregtigheid – en vryheid. Enige ander pad is 'n doodlooppad.

'n Verdere uitdaging in hierdie verband is om 'n goeie balans te vind tussen die begrippe (kulturele) eenheid en verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse konteks. In die vorige bedeling is alle klem op "verskeidenheid" geplaas, tot op die punt van verskeurdheid, terwyl die aksent tans op eenheid val, tot (byna) op die punt van eendersheid. Dis ons uitdaging vandag, naamlik, om 'n staatkundige model te ontwikkel waarin ons twaalf kultuurgroepe (die Khos-San as twaalfde groep) vreedsaam, vry en versoen kan saamleef. Die diktatuur van die minderheid mag nie vervang word met 'n diktatuur van die meerderheid nie.

Wat ons Grondwet duidelik afwys, is rassisme, nie ras as gegewe nie (1 (a)). Ons moet bou aan 'n nie-rassistiese samelewing wat iets anders is as 'n nie-rassige samelewing. Rasse mág daar wees; rasse-harmonie móét daar wees; rassisme moet verdwyn.

Ons sluit af. Daar is net een pad wat betekenisvol vir die samelewing in Suid-Afrika kan wees en dit is die pad van geregtigheid – en vryheid. Enige ander pad is 'n doodlooppad. Waar geregtigheid heers, sien ons 'n klein teken van die komende ryk van God, van God se nuwe wêreld, waar alles reg sal wees.

---

[1] Voordrag gelewer tydens 'n byeenkoms van die *Beweging vir Christelike Studie en Aksie (BCSA)* op 2 September 2016 in Potchefstroom

[2] Selfs *Woord en Daad* kon soms 'n terughoudende houding inneem. So het ek in 1978 in 'n artikel die Suid-Afrikaanse invalle in Angola as offensiewe en dus onregmatige aanvalle gekritiseer, maar hierdie verwysing is deur die redaksie geskrap en met 'n verduideliking vervang. Ek het ook tydens die Angolese Oorlog van die sewentiger- en tagtigerjare in artikels my uitgespreek ten gunste van militêre diensweiering of 'n alternatiewe diens, 'n standpunt wat baie teenstand en verset opgeroep het. My standpunt was dat hierdie oorlog – as aanvalsoorlog – nie voldoen het aan die klassieke vereistes vir 'n regverdige oorlog nie.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za

Aros: 'n Christelike lewensvisie as dryfkrag agter Aros se ontstaan, bestaan en toekomsplanne

Victor Correia
(Lektor, Aros Pretoria)
victor.correia@aros.ac.za

Hierdie artikel is gebaseer op 'n konferensiereferaat wat op 2 September 2016 by "Die noodsaak vir 'n kontemporêre Christelike wêreldbeskouing"-konferensie aangebied is.

Agtergrond

Die tema "die noodsaak van kontemporêre Christelike lewensvisie" lê Aros besonder na aan die hart. As 'n Christelik-Opvoedkundige instelling is dit vir Aros van kardinale belang dat elke student wat by ons afstudeer met 'n Christelike lewensvisie toegerus word. Dit is trouens een van die redes wat bygedra het tot Aros se ontstaan.

Die doel van hierdie artikel is om lesers van *Woord en Daad* in te lig oor die ontstaan van Aros, dit waarmee ons tans besig is en waarmee ons graag in die toekoms besig wil wees. Aros se geskiedenis, hede en toekomsvisie kan in drie fases ingedeel word, naamlik die pioniersfase, die institusionele fase en die universitêre fase.

Geskiedenis (Pioniersfase)

Aros se ontstaan vanuit die Gereformeerde Skoolbeweging

Aros het ontstaan uit die Gereformeerde Skoolbeweging genaamd ARSO (Aksie Reformatoriese Skool en Onderwys) wat tans as die ICO (Instituut vir Christelike Onderwys) bekend staan. In die 1950's het 'n groep Nederlandse immigrante in die Moot omgewing in Pretoria 'n tuiste gevind. Die groep immigrante was daarvan oortuig dat Christelike opvoeding nie aan die staat oorgelaat kon word nie. Die Gereformeerde Skool Dirk Postma is gestig toe die staat nog Christelike skole goedgesind was. Die ideaal was dat dié skool vry van staatsinmening moes wees.

Vyftig jaar later was die Gereformeerde Skool Dirk Postma gevestig en 'n aantal ARSO-skole landswyd gestig. Daar was nog een probleem. Onderwysers wat in hierdie Christelike skole moes skoolhou, moes by sekulêre universiteite studeer. Die behoefte om Christenonderwysers Christelik op te lei, werk daartoe mee dat Aros in 2004 tot stand kom.

Historiese wortels

Vanaf 2004 tot en met 2009 het Aros goedgunstig van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Onderwysprogram oor afstand gebruik gemaak. Daar is groot dankbaarheid oor die samewerkingsooreenkoms, want dit het Aros die geleentheid gebied om genoeg kapasiteit op te bou om in 2011 hul eie akkreditasie te ontvang. Verder word daar steeds goeie verhoudinge met die Fakulteit Teologie en die Fakulteit Filosofie by die NWU nagestreef.

Aros beskou homself vandag as 'n voortsetter van die "In u Lig"-leuse van die voormalige PU vir CHO. Die Lig neem 'n sentrale plek in Aros se embleem in. Elke nuwe dosent wat by Aros aangestel word, neem deel aan 'n seremonie waar een lig van 'n kandelaar aangesteek word.

Aros beskou homself vandag as 'n voortsetter van die "In u Lig"-leuse van die voormalige PU vir CHO. Die Lig neem 'n sentrale plek in Aros se embleem in. Elke nuwe dosent wat by Aros aangestel word, neem deel aan 'n seremonie

waar een lig van 'n kandelaar aangesteek word. Dit is ons bede dat hierdie simboliek nie net uiterlik sal wees nie, maar dat alle dosente in hul betrokke vakgebiede die Lig van "In u Lig" sal laat skyn.

Aros se verbintenis tot die Christelike Universiteitstradiese gaan egter verder terug as sy verbintenis met die PU vir CHO. Die stigting van die Vrije Universiteit in Nederland word deur ons as 'n belangrike historiese moment beskou, omdat daar 'n begin gemaak is om 'n Universiteit tot stand te bring wat teen onregmatige staatsinmening verskans is. Een van die maniere waarop Aros dit doen, is om staatsafhanklikheid tot die minimum te beperk en eie fondse te genereer.

Verder word daar gestreef na ekumeniese bande met ander Christelike instellings regoor die wêreld. Aros het onlangs amptelike bande met Dordt College in Amerika gesmee en is lid van die IAPCHE (International Association for the Promotion of Christian Higher Education).

'n Klein begin uit die geloof

Aros het klein begin met net twee studente in 2004. In weerwil daarvan dat dit nog betreklik goed gegaan het in die meeste universiteite, is daar besluit om dit te doen wat die Here wil hê gedoen moet word. Daar is geglo dat onderwysopleiding Christelik moet wees. Onderwysers sou alleenlik die aanslae van die sekulêre wêreld kon oorwin deur vanuit 'n konsekwente Christelike lewensvisie onderrig te word. Dit kan alleenlik bereik word as dosente self Christene is. Alle dosente wat by Aros aangestel word, moet daarom belydende Christene wees.

Dat Aros klein begin het, was 'n bedekte seën. In die beginjare kon baie persoonlike aandag aan studente bestee word. Die boodskap het uitgegaan dat Aros 'n voortreflike kwaliteit opleiding bied en dat personeel hulle nie skaam oor hul Christelike oortuigings nie. Bykomstige redes vir Aros se groei is dat Aros sy graadkursus in Afrikaans aanbied, asook Aros se model waarvolgens klasse oor naweke aangebied word.

Bo alles moet die groei wat Aros beleef het, as 'n geskenk van Bo beskou word. Ons kan nie anders as om die eer aan die Here te gee nie. Die groei wat Aros beleef het, kan vergelyk word met die gelykenis van die mosterdsaadjie. Op 'n stadium was Aros 'n klein, nietige opvoedkundige instansie, maar die begin was uit die geloof. Vandag het Aros bykans duisend studente. Die mosterdsaadjie het 'n klein boompie geword.

Hierdie kort oorsig van Aros se geskiedenis kan as die pioniersfase (2004-2014) beskou word. Soms het dit gelyk asof Aros ten gronde sou gaan, veral nadat ons baie lank moes wag vir akkreditasie. Dikwels moes dinge vir die eerste keer aangepak word en het die persone wat betrokke was nie presies geweet wat om te doen nie. Dié tydperk word die beste opgesom deur Dr. Wikus Buys wat gesê het: **"Ons bou die vliegtuig terwyl dit vlieg".** Dinge moes vinnig gedoen word – soms dalk té vinnig. Nietemin het die pioniers 'n belangrike rol gespeel in Aros se vestiging as hoër onderwysinstelling.

Institusionele fase

Die tweede fase, dié waarin Aros homself tans bevind, kan as die institusionele fase beskryf word. **"Die vliegtuig is nou gebou!"** Vanweë die vinnige groei wat Aros beleef het, moes bepaalde stelsels in werking gestel word. Posbeskrywings is verfyn, bestuursprosesse is verbeter en 'n doelbewuste poging om kwaliteit te verseker, is in plek gestel. Hoewel Aros uiteindelik wel akkreditasie ontvang het, moet dit nou so bestuur word dat die akkreditasie behou kan word.

Akkreditasie

Vyf jaar het al verloop sedert Aros sy eerste (voorwaardelike) akkreditasie vir 'n graad in Grondslagfase Onderwys (Gr. 1-3) ontvang het. In 2017 lê daar 'n terreinbesoek voor waarna Aros moontlik volwaardige akkreditasie kan ontvang. Die herakkreditasie van Aros se bestaande grade geniet tans hoë prioriteit.

Hiermee saam het Aros in 2014 voorwaardelike akkreditasie vir 'n diploma in Ontvangsjaar ontvang. Goeie nuus het gevolg nadat Aros se aansoek vir 'n Intermediêre graad in Onderwys in 2016 goedgekeur is. Daar word alreeds in 2017 hiermee begin. Verder is 'n Institusionele Kantoor in 2016 in die lewe geroep om toe te sien dat Aros aan alle statutêre vereistes voldoen.

Tot dusver is daar baie oor Aros as instansie geskryf. Ons wil egter nie nalaat om meer te

vertel van die uniekheid van Aros se kurrikulum en die studente se ervaring daarvan nie.

Studente se ervaring van die kern-kurrikulum

Van die begin af was studente verplig om normatiewe vakke te neem saam met hul onderwysvakke. Die normatiewe vakke het bestaan uit Bybelkunde (waaronder Religiestudies), Filosofie en 'n kort kursus in Christelike vakfilosofieë (Christelike Normatiewe Onderwys). Die wyse waarop die studente die normatiewe vakke ontvang het, was vir ons verblydend.

Wat ons die meeste verbaas het, was hoe studente Bybelkunde as 'n vak ervaar het. Bybelkunde bestaan tans uit sewe modules vanaf studente se eerste tot vierde jaar waar daar gepoog word om aan studente 'n basiese kennis van die Bybel te bied. Meeste studente wat by Aros aankom, se Bybelkennis is baie gebrekkig. Volgens die standaard Bybelkennistoets wat ons eerstejaars skryf, is Prins Frederik die Wyse vir 'n paar agtereenvolgende jare bo Dawid as die digter van die Psalms aangewys.

Studente is aanvanklik skepties oor die waarde van die vak vir hulle as onderwysers. Sommige het openlik in die klas vra: "Meneer, waarom het ek die vak nodig as onderwyser?" Gedurende die studente se studies verander hul persepsie van die vak tot so 'n mate dat min studente in hul vierde jaar twyfel oor die waarde van die vak.

Bybelkunde is een van die min vakke waarin indringend aan die studente se lewensvrae aandag gegee word. Daar word tydens kontaksessies ruimte geskep om by studente se lewensvrae uit te kom: die huwelik, die dood, aborsie, onreg, taal, identiteit, waarheid, siekte, bekering, die gesinslewe, gehoorsaamheid aan die regering, ensovoorts.

Bybelkunde is een van die min vakke waarin indringend aan die studente se lewensvrae aandag gegee word. Daar word tydens kontaksessies ruimte geskep om by studente se lewensvrae uit te kom: die huwelik, die dood, aborsie, onreg, taal, identiteit, waarheid, siekte, bekering, die gesinslewe, gehoorsaamheid aan die regering, ensovoorts. Wat ons verbaas het, is dat studente die Bybelmodules in vergelyking met ander modules baie goed geëvalueer het. Dit het hulle nie gedoen omdat die modules makliker as die ander modules was nie, maar waarskynlik omdat hulle in die modules antwoorde op hul lewensvrae gekry het.

Verder het die studente in die modules vastigheid gekry. Ons laat die studente hier nie wonder wat die ware godsdiens is nie. Ons leer hulle dat Jesus Christus die enigste Waarheid is (al moet ons hier ook inligting verskaf oor ander godsdienste). Hoofsaak is dat ons nie die studente verhinder om hul lewensvrae in die klas te vra nie.

Saam met die Bybelkunde word twee vakke in Filosofie aangebied. Hier word studente toegerus om vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te dink oor kontemporêre vraagstukke. Ons hanteer verskillende denkers (ook nie-Christene) se teorieë met studente, maar doen dit altyd "In U Lig". Ons wil graag ons studente toerus om vanuit 'n Christelike lewensvisie in gesprek met die wêreld waarin ons leef, te tree.

Religiestudies, Bybelkunde en Filosofie vorm deel van Aros se kernkurrikulum. Ons verwag dat studente 'n basiese Christelike lewensvisie moet hê, ongeag watter studierigting hulle wil volg. Hiermee wil ons graag studente vorm as mense en hul nie net oplei vir 'n bepaalde beroep nie.

Het dit gewerk? Ja, van die Bybelkundedosente word jaarliks as die beste dosente geëvalueer deur die studente. Veranderinge in studente se lewens vind regtig plaas. Studente wat leer dat die huwelik 'n instelling van God is en in 'n saamwoonverhouding is, besluit om te trou. Een van ons studente wat gehoor het dat die liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is, het nou besluit om haar tatoeëermerke deur 'n lang en pynlike proses te laat verwyder. Studente wat eers moeilik was, begin om per e-pos allerhande vrae oor die Bybel en die lewe te vra. Die verandering van die studente

vanaf hul eerste tot vierde jaar kan duidelik opgemerk word. Hulle begin meer soos Christene dink, lyk, praat en lewe.

Buiten die kernkurrikulum word daar ook gepoog om elke vak vanuit 'n Christelike lewensvisie aan te bied. Aros het tans 'n basisdokument wat as riglyn dien vir die onderskeie vakgebiede se vakfilosofiese begronding. Van Wiskunde, Kuns, Musiek, Sosiale Pedagogiek tot Opvoedkundige Sielkunde word daar gewerk om die vakke ook "in U Lig" aan te bied.

Studente word vinnig verwar waar daar een waarheid in Bybelkunde en 'n ander in die volgende klas aangebied word. Dit was vir ons verblydend toe die studente eenmaal gekla het oor die inhoud van een dosent se klas wat volgens hulle nie aan Aros se Christelike karakter voldoen nie. Ons soek dus kontinuïteit tussen die onderskeie vakke. Waar daar verskille ontstaan, maak ons nie vrede daarmee nie. Ons hou daaraan vas dat daar een waarheid is wat in die onderskeie vakgebiede vanuit verskillende oogpunte belig word. Ons het agtergekom dat die studente niks minder as dit van ons verwag nie.

Daar is skole wat onlangs van al hulle Bybels ontslae geraak het. Ons benadering tot die saak sluit min of meer aan by Petrus en Jakobus se antwoord aan die Joodse raad toe hul verbied is om die evangelie van Jesus Christus verder te verkondig. Hul antwoord aan die Joodse raad was dat dit vir hulle onmoontlik was om stil te bly oor dit wat hulle gesien en gehoor het (Hand. 4:19-20).

Universitêre fase

Suid-Afrika

Van die begin af was Aros se toekomsvisie 'n Christelike Suid-Afrika. As daar in aanmerking geneem word dat Aros amper 1 000 afgestudeerde studente het en dat elke student voor 'n klas van gemiddeld 30 kinders staan, word daar tans 30 000 kinders op 'n indirekte wyse deur Arosstudente aangeraak. Hoewel Aros se onderrig in Afrikaans plaasvind, is 'n groot deel van ons oudstudente in Engelse skole betrokke.

Die "Godsdiens in Skole"-hofsaak wat tans baie mediadekking ontvang, raak dit waarmee Aros direk gemoeid is, ingrypend. Ons is immers besig met Christelike onderwysopleiding. Ons ervaring is egter dat baie skole nog voortgaan om godsdiens te beoefen. Daar is wel skole wat onlangs van al hulle Bybels ontslae geraak het. Ons benadering tot die saak sluit min of meer aan by Petrus en Jakobus se antwoord aan die Joodse raad toe hul verbied is om die evangelie van Jesus Christus verder te verkondig. Hul antwoord aan die Joodse raad was dat dit vir hulle onmoontlik was om stil te bly oor dit wat hulle gesien en gehoor het (Hand. 4:19-20). Wat die "Godsdiens in skole"-saak betref, antwoord ons op dieselfde wyse. Dit is vir ons ook onmoontlik om stil te bly hieroor. Ons ag dit ook onbillik om skole waarin die meerderheid leerders Christene is, te verbied om hul geloof uit te leef in die openbaar.

Die openbare hoër onderwysomgewing raak toenemend onstabiel. Dit is hartseer om te hoor van die sosio-kulturele groepsdruk (of soos die kinders dit noem – 'n "geboelie") wat by histories Afrikaanse universiteite plaasvind. Ons hoop nie dat dit in die toekoms sal oorwaai na die private universiteite nie. Moedertaalonderrig is 'n voorreg en 'n roeping, daarom behoort Afrikaans as onderrigtaal by die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat, die Noordwes-Universiteit en die Universiteit Stellenbosch ondersteun te word. Aros het nog baie tyd nodig om genoeg kapasiteit op te bou sodat daar na behore aandag gegee kan word aan die aanvraag na Afrikaanse onderrig.

'n Nuwe kampus

In die lig van die gebeure op die gebied van hoër onderwys besef Aros dat ons geroep word om in die toekoms voorsiening te maak vir nog meer studente. **"'n Groter vliegtuig moet gebou word!"** Ons gaan 'n groter kampus nodig kry. Inskrywings vir die nuwe kwalifikasie in Intermediêre fase wat in 2017 begin is, behoort in die volgende tien jaar te

verdubbel. Tans word daar beplan om binnekort akkreditasie vir Senior en VOO-fase, sowel as 'n NGOS in te dien. Indien die aansoeke aanvaar word, word die uitdagings al hoe groter.

Deel van die volgende fase sal, as die Here wil, ook ander studierigtings insluit. Aros se huidige onderwysprogram bied 'n goeie basis vir die ontwikkeling van verdere programme – daar bestaan reeds 'n kernprogram van Bybel, Filosofie en Tale wat gebruik kan word in nuwe programme, tesame met groterwordende vaardigheid in die bou van kwalifikasies.

As private instelling moet ons ekonomiese faktore in gedagte te hou. Aros ontvang geen staatsubsidie nie, maar deur strategiese samewerking en streng finansiële dissipline is daar 'n lewensvatbare toekoms. Aros hoop om almal wat ons strewe deel, te betrek by toekomstige planne – omdat dit in ons almal se belang is.

Aros besef die belang daarvan om vir studente beroepsopleiding te verskaf, maar erken ook dat die Universiteit 'n groter taak het as beroepsopleiding. Die studente moet as mense gevorm word. Ons studente mag nooit tot kliënte verskraal word nie, want sou dit gebeur, het ons in ons doel gefaal.

Vormende vakke

Die algeheelvormende vakke is vir ons van kritiese belang. Ons besef die belang daarvan om vir studente beroepsopleiding te verskaf, maar erken ook dat die Universiteit 'n groter taak het as beroepsopleiding. Die studente moet as mense gevorm word. Ons studente mag nooit tot kliënte verskraal word nie, want sou dit gebeur, het ons in ons doel gefaal. Die fyn balans tussen groei in kwantiteit en hoë kwaliteit opleiding moet voortdurend in die oog gehou word.

Ons besef die belang van 'n kernkurrikulum wat studente uit alle studierigtings toerus met 'n fondament. Hierdie fondament is niks anders as hul Christelike lewensvisie nie. Hulle kry dit uit die leermateriaal, maar ook wanneer hulle sien dat hulle dosente se leer en lewe ooreenstem.

Samevatting

Samevattend kan die volgende gestel word:

- Ons het geleer dat die kernkurrikulum noodsaaklik is vir studente se algehele vorming. Universiteitsopleiding moet nie net daar wees om studente af te rig om in 'n spesialisberoep te staan nie, maar moet hulle ook toerus vir die vele uitdagings van die lewe.

- Hiermee saam moet rekening gehou word met die ekonomiese uitdagings wat aan private hoër onderwysinstellings gestel word. Om goeie personeel te behou, is dit noodsaaklik om markverwante salarisse te betaal.

- Die vakrigtings wat geïmplementeer word, moet aangevul word met 'n kernkurrikukulum. Dit hoef nie presies te lyk soos die huidige kernkurrikulum nie, maar dit moet beslis daar wees.

Dit is ons toekomsvisie. Aros wil 'n volwaardige Christelike Universiteit word. Dalk moet ons dit nog duideliker stel. In die lig van die huidige veranderinge in Hoër Onderwys, is Aros geroepe om 'n Christelike Universiteit te word.

Dit is hoe ons ons taak sien. Ons verneem graag wie saam met ons op die pad wil gaan. Die taak is groter as onsself. Die taak mag wel onmoontlik lyk omdat ons onsself in 'n omgewing bevind waar daar nie baie steun is nie. Ons ervaring is egter dat indien 'n mens dit doen wat die Here van 'n mens verwag, Hy juis die onmoontlike moontlik maak. 'n Mens vra nie in die eerste plek die vraag na wat moontlik is binne die huidige regulatoriese raamwerk nie. Nee, eerder vra 'n mens eerste: Wat is die nood en wat moet ons doen? Die res van die pad sal mettertyd aangewys word. As ons dit eens is dat ons kinders ook op Universiteit vanuit 'n Christelike lewensvisie onderrig moet word, dan het ons die roeping om te sorg dat dit wel so gedoen word.

Indien u Aros wil steun, kan u dit op die volgende wyse doen:

- Besoek Aros se webblad. Vind meer uit oor ons dat jy vir ander van ons kan vertel. As poste geadverteer word, stuur dit aan vir jou vriende. Besoek Aros se kampus. Dit is iets om te beleef as studente op Vrydae en Saterdae in hul massas hier toesak.

- Motiveer iemand wat jy ken om volgende jaar in te skryf vir 'n onderwysgraad in die Intermediêre fase. Daar is twee opsies (Natuurwetenskap en Wiskunde of Geesteswetenskappe).

- Borg 'n Arosstudent se studies. Studiekoste is ietwat hoër as die NWU studiekoste. Verskeie studente staak hul studies weens finansiële redes.

- Bied u kundigheid aan: studiegidsontwikkeling, akkreditasie, kritiese lees van 'n handboek, ensovoorts.

- Ondersteun die Arosprojek om 'n nuwe kampus te bou.

- "Like" Aros se Facebookblad en bly op hoogte van gebeure by Aros.

- Dink aan Aros in julle gebede. Ons het dit baie nodig.

Holiday, Ryan. 2014. **The Obstacle is the Way.** Profile Books. Prys: R179. ISBN: 978-1-7812-5149-2. 201 pp.

Resensent: Johan Schoeman

Uit dure ondervinding maak sommige lesers gewoonlik 'n wye draai in 'n boekwinkel om die afdeling waar die 'hoendersop vir die siel'- boeke (moderne selfhelp) op die rak staan, te vermy. In 'n vinnige tyd leer mens vinnig, en in hierdie geval net so vinnig dat die meeste van die kitsoplossings hier te kry ook presies dit is; 'n kits-ete wat dikwels net so vinnig vergeet word. Soms kom daar egter iets op die mark wat meer aandag verg as verbyloop of net 'n vinnige oorsig. Bogenoemde publikasie van Ryan Holiday is een so 'n uitsondering. Die subtitel "The Ancient Art of Turning Adversity to Advantage" laat mens eers wonder of jy nie hier met meer van dieselfde te doen het nie, maar as jy eers begin lees, sien jy gou dat hier moontlik iets meer waardevol aangebied word. Holiday probeer voorstelle maak oor hoe mens die hindernisse, oor 'n wye front bedoel, in jou lewe kan aanpak; voorstelle vir prestasie, nie net ten spyte van struikelblokke wat opdoem nie, maar as gevolg daarvan. Hy doen dit deur af te skop met 'n kort inleiding oor hoe die Romeinse leier, Markus Aurelius, in daardie tyd hierdie tipe sake oordink, daaroor geskryf en daarvolgens opgetree het. Markus Aurelius skryf byvoorbeeld:

Our actions may be impeded....but there can be no impeding our intentions or dispositions. Because we can accomodate and adapt. The mind adapts and converts to its own purposes the obstacle to our acting.

EN

The impediment to action advances action.
What stands in the way becomes the way.

Holiday skryf dat sy inspirasie vir die boek veral gemotiveer is deur 'n studie van die Stoïsyne, wie se stigter, Zeno, groot agting gehad het vir Sokrates (waarvan Plato se *Apologie*, handelend oor Sokrates se verhoor, ook nou uit die pen van Piet Boshoff in Afrikaans beskikbaar is), en die Stoïsynse filosofie. Hy brei nie veel oor laasgenoemde uit nie, maar gee wel 'n leeslys vir diegene wat meer te wete sou wou kom hieroor. Kortliks noem hy wel enkele kenmerke van die Stoïsyne en wys veral op hulle klem op persoonlike selfbeheer, die aanvaarding van dit wat mens nie kan verander nie, die beheer van jou vrese en emosies onder moeilike omstandighede en veral die aard van jou ingesteldheid/houding oor dit wat jou konfronteer. Epictetus, een van die verteenwoordigers van hierdie denkrigting, se stelling dat die mens voortdurend 'n akteur is in 'n

drama, vorm verder die basis van Holiday se kort agtergrond. Hy gebruik die Stoïsynse en Romeinse agtergronde om sy argumente uit te werk en om aan te toon dat dit wat dikwels vir ons lyk soos 'n onoorkombare hindernis juis die weg is tot die oorkoming daarvan. Hier is nie net die (Stoïsynse) moedige dra en aanvaarding van 'n las aan die orde nie, maar eerder die gebruik hiervan om tot aksie oor te gaan. In kort kom Holiday se voorstel neer op die volgende en dit vorm ook die struktuur van die boek se uitleg:

a. Die bestuur van jou persepsies. Persepsies het die geneigdheid om die realiteit te *word.* (Persepsies)
b. Fokus op wat jy kan verander in 'n situasie en wat nie. (Aksie)
c. Neem aksie, rig daardie aksie en ontwikkel deursettingsvermoë. (Wil)

Holiday maak mildelik gebruik van voorbeelde om sy argumente toe te lig en, alhoewel soms baie Amerikaans, beweeg hy wel ook wyer as sy eie kulturele omgewing en verwysingsraamwerk, wat maak dat dit nie regtig pla nie. Meer spesifiek lys hy die volgende aspekte wat aandag verdien wanneer ons voor 'n skynbaar onoorkomelike hindernis te staan kom:

a. Probeer so objektief moontlik bly
b. Kry beheer oor jou emosies
c. Sien die goeie raak en fokus daarop
d. Bly kalm
e. Ignoreer dinge wat ander mense sou belemmer en inperk
f. Behou perspektief
g. Bly in die *hier-en-nou*
h. Fokus op wat jy kan beheer

Dit mag dalk klink of bogenoemde juis 'hoendersop-agtig' mag wees, maar die wyse waarop Holiday met die materiaal omgaan in sy bespreking hiervan maak dit tog die moeite werd. Plek-plek is daar (dalk) teenstrydighede in van sy opmerkings (byvoorbeeld sy klem op die fokus op die hede vs. die sien van die groter prentjie), maar dit doen nie regtig afbreuk aan die geheelindruk van die werk nie.

Kortom, 'n stimulerende boek, of dit 'n wesenlike hindernis is wat jou konfronteer, as voorstel tot 'n nuwe manier van aksie neem of selfs om te sien hoe Filosofie as 'n tipe praktyk lyk. Pragmatisme oor die algemeen, praktiese voorbeelde en besprekings op en oor die slagvelde van menslike bestaan is grootliks aan die orde. Hier is geen finale, kitsklaar antwoorde of formules nie, maar wel veel om jou gesindhede tot uitdagings wat jou konfronteer te bekyk, self besluite hieroor te neem en dan aksie te neem. Holiday wil aanspoor tot aksie en sluit dan ook af: "Now you are a philosopher and a person of action. And that is not a contradiction." Dalk is Holiday se boek tog 'n rede om volgende keer effens langer by die betrokke rak in 'n goeie boekwinkel te bly vertoef in die hoop om op iets soortgelyks af te kom.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys: organisasie en doelstrewe

Hugo Hayes
(Universiteit Bloemfontein)
hugo@vcho.co.za

Hierdie artikel is gebaseer op 'n konferensiereferaat wat op 2 September 2016 by "Die noodsaak vir 'n kontemporêre Christelike wêreldbeskouing"-konferensie aangebied is.

Inleiding

Hierdie bydrae is 'n verwerking van 'n referaat wat op 2 September 2016 tydens die Konferensie oor 'n Kontemporêre Christelike Lewensbeskouing te Potchefstroom deur die skrywer gelewer is. Die bydrae is lewensbeskoulik-evaluerend van aard en ondersoek die betekenis van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) in die praktyk, na aanleiding van die verklaarde doel, grondslag en missie van dié vereniging.[1]

Die dekades voor en na 1948/49 is gedenkwaardig in Suid-Afrika se geskiedenis. Nie soseer wat die politiek betref nie, maar veral weens die godsdienstige en kulturele herontwaking gedurende daardie tydvak. Juis tóé word die eerste treë in die stigting van VCHO gegee. Met die 1950-kongres te Brandfort het VCHO amptelike beslag gekry.

Religieuse begronding en lewensbeskoulike motiewe

VCHO staan religieus en lewensbeskoulik ingebed in 20ste eeuse geskiedkundige gebeure, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook buitelands. Dit staan midde-in die kerklikgodsdienstige, kultuurhistoriese en politiesmaatskaplike wordingsperiode – dikwels word daarna verwys as die ideologiese milieu waarbinne VCHO tot stand gekom het. Daar moet skerp onderskei word tussen vreemde geestestrominge enersyds, en andersyds dit waarvoor die VCHO berekend gekies het: die Calvinisme.

In die 50-jarige VCHO-gedenkboek word die ideologiese milieu van daardie tyd onder meer deur Danie Strauss soos volg beskryf:

Die VCHO het ontstaan in 'n stadium na die Tweede Wêreldoorlog waarin die smeltkroes van die proses van geestelike herskikking aan die gang was. Waar Nederland, wat tussen die twee wêreldoorloë die beeld van 'n eg gereformeerde samelewing vertoon het, skielik 'n versnelde proses van geestelike ontworsteling en sekularisasie beleef het, sou ook Suid-Afrika die aanslae van die na-oorlogse smeltkroes nie vryspring nie.

Die onderhawige tydperk kan ook gekenskets word as een waarin 'n nuwe bewustheid van identiteit onder die Afrikaner, maar so ook ander groeperinge in Suid-Afrika, posgevat het – nie slegs in politieke sin nie, maar veral ook kerklik-godsdienstig en kultureel. Dit is veral die laasgenoemde twee identiteite wat as bepalend vir VCHO se totstandkoming en as aanduidend van sy ontwikkelingsgang beskou word.

Dit word gekonstateer dat die totstandkoming van VCHO (Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys) 'n geloofsdaad was. Dit was egter nie 'n kerkistiese uitgangspunt wat aanleidend tot stigting gestaan het nie, maar wel die Calvinistiese, as dié belangrike onderskeid. VCHO is trouens ook nie 'n kerklike organisasie nie, maar 'n vrye vereniging in eie reg, onafhanklik, maar gebonde aan die Woord van God.

Dit word gekonstateer dat die totstandkoming van VCHO 'n geloofsdaad was. Dit was egter nie 'n kerkistiese uitgangspunt wat aanleidend tot stigting gestaan het nie, maar wel die Calvinistiese, as dié belangrike onderskeid. VCHO is trouens ook nie 'n kerklike organisasie nie, maar 'n vrye vereniging in eie reg, onafhanklik, maar gebonde aan die Woord van God. Calvinisties deurdronge, het dít die verloop van VCHO se ontwikkeling, die voortgang daarvan, deurslaggewend bepaal. VCHO se bydrae kan nie na reg beoordeel word sonder hierdie belangrike onderskeidinge nie. Op die Calvinistiese uitgangspunt af, het die VCHO sigself só geposisioneer dat die appèl dat alle lewensterreine onder die gesag van God-drieënig en sy Woord gebring word, sonder skroom uitgedra word. Dit geld insonderheid ook die wetenskap in al sy geledinge. Gevolglik word die postulaat dat die wetenskap 'n selfstandige gesag gelyk aan die absolute gesag van die Skrifopenbaring sou verwerf, deurgaans afgewys.

Sonder huiwering word erkenning gegee aan die feit dat die Vrystaatse NG-Kerk van daardie jare die dryfkrag agter die totstandkoming van VCHO (Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys) was.

Sonder huiwering word erkenning gegee aan die feit dat die Vrystaatse NG-Kerk van daardie jare die dryfkrag agter die totstandkoming van VCHO was. Dit sou ideaal kon wees indien die kerk en die VCHO parallel en in wisselwerking met mekaar kon ontwikkel. Terugskouend, oor net meer as 65 jaar, toon die geskiedenis dat VCHO desondanks 'n selfstandige pad geloop het. In dankbaarheid kan egter verklaar word dat onder die kerke van gereformeerde belydenis daar dié is wat (belydenisgewys) vandag baie nader aan die VCHO staan. VCHO handhaaf ná hierdie net meer as 6 dekades steeds 'n openheid na onderskeie kerkdenominasies in die gereformeerde tradisie.

Veelseggend is dat die eerste beweging in die rigting van 'n organisasie soos VCHO vanuit die Christelike geloofsgemeenskap, naamlik die kerk en die gesin, gekom het, soos dit hoort. Dit gesê, kan die dinamika van die universiteitswese in daardie tydvak van Suid-Afrika se geskiedenis hoegenaamd nie buite rekening gelaat word nie. Die universiteitswese was juis die fokuspunt van VCHO-aktiwiteit gedurende die dekades wat op stigting gevolg het. Omringend-aanleidende faktore moet nogtans wyer getrek word as net maar dit wat reeds in die dertigerjare in die teologie, asook binne sekere sektore van die universiteitswese, in daardie stadium waarneembaar was – in hierdie opsig veral vrysinnigheid in die teologie (vergelyk *Kerksaak*, 1931) en die opkoms van die afvallige evolusionistiese wetenskap. VCHO het met ander woorde nie uit blote reaksie op wat in die universiteitswese aan die gebeur was, ontstaan nie. Veel eerder was dit organisering ter wille van die tref van vroegtydige voorsorg dat tersiêre instellings Christelike onderwys en wetenskap aan jongmense uit Christenouerhuise sou bied.

Betrokkenheid by en gerigtheid op die universiteitswese

Word een van die vele temas vir bespreking uitgesonder, dan sou VCHO-betrokkenheid by die universiteitswese vir skrywer se besef 'n belangrike onderwerp van lewensbeskoulike belang wees. (Daar is ook ander fasette, wat egter weens die gebrek aan ruimte hier weggelaat moet word.) Uit die ontstaansgeskiedenis van die Vereniging word dit duidelik dat die aandrang vir Christelik-tersiêre onderwys baie sterk figureer, aangevuur deur die reformatoriese lewensbeskouing. Die primêre doelstelling, met die oog op organisasievorming is destyds só geformuleer: "… die daarstelling van 'n inrigting waarheen ons met gerustheid ons seuns en dogters kan stuur, waar hulle opgelei kan word in die diens van die volk en in die diens van die Here" (VCHO s.a).

Betrekkinge met die UOVS van destyds

Vestiging van 'n tersiêre instelling op Christelik-reformatoriese grondslag het tydens die aanvangsjare van VCHO die grootste mate van daadkrag en steun tot gevolg. Trouens, daar was 'n stadium dat moontlike terreine vir die oprigting van 'n eie tersiêre instelling in die Vrystaat, naas die UOVS van destyds, reeds geïdentifiseer was. Die belowende uitkoms van samesprekings in daardie tyd tussen die NG-Kerk in die Vrystaat en die UOVS, het daartoe gelei dat so 'n inisiatief ('n eie instelling) laat

vaar is ten gunste van ander moontlike uitkomste. Van besondere belang is die goeie samewerking tussen verteenwoordigers van VCHO in daardie epogmakende jare van sy bestaan en die UOVS-universiteitsraad. As eerste beduidende stap was die universiteitsraad bereid om by wyse van die aanvoor van wetgewing die hindernis betreffende die gewetensklousule uit die weg te probeer ruim. Grootliks vanweë gebrek aan politieke steun in die Parlement kon nie daarin geslaag word nie, maar die ywer in belang van hierdie ideaal het voortgeduur.

Konstruktiewe onderhandeling het egter hierop gevolg. Danksy beduidende kerklike inspraak op die universiteitsraad van die UOVS, het die stadium aan die begin van die 1960's aangebreek dat met die UOVS tot 'n ooreenkoms gekom is. Dit word as 'n eerste deurbraak in die nastrewing van die VCHO se tersiêre opvoedings- en onderwysideaal gesien. Die indertydse interfakultêre navorsingseenheid vir die bevordering van Christelike wetenskap aan die UOVS word as 'n uiters belangrike ontwikkeling van destyds gereken. Die weg tot Christelik-reformatoriese wetenskap is daardeur geopen.

Onderhandeling met die UOVS het voortgeduur. Die VCHO-bestuur het teen 1978 daarin kon slaag dat 'n ooreenkoms met die Universiteit bereik word. Wat wesenlik met die UOVS beding kon word, het uiteindelik neerslag gevind in 'n wysiging van die *Universiteitswet,* en wel ten opsigte van beleid en grondslag. Daardeur het die Universiteit 'n verbintenis tot Christelike onderwys en wetenskap aangegaan. Dit word as 'n volgende deurbraak in die verwesenliking van die VCHO se tersiêre opvoedings- en onderwysideaal gesien.

Wat die sestiger-, sewentiger- en 'n groot deel van die tagtigerjare van die twintigste eeu betref, het die resultaat van volgehoue onderhandelinge met die Universiteit van die Vrystaat (UV) Christelike wetenskap in die reformatoriese tradisie grootliks bevorder en uitgebou. Alumni wat bevoorreg was om gedurende daardie ongeveer drie dekades aan die UV te studeer, kyk dankbaar terug na wat as 'n glorieryke ontwikkelingsfase vir Christelike onderwys/wetenskap beskou kan word. Gedagtig daaraan dat departemente vir vakrigtings soos Bybelkunde, Staatsleer en Wysbegeerte op reformatoriese grondslag tot stand gekom het, wat weer op sy beurt die voorloper vir latere teologiese studie was, was dit van kardinale belang. Met die totstandkoming van die Fakulteit Teologie – een van die toonaangewendes in Suid-Afrika – het dit verdere stukrag aan hierdie gekoesterde ideaal verleen. In dieselfde trant móét ook aan die vroeëre grondliggende werk in belang van Christelike natuurwetenskap aan die UV erkenning gegee word.

Verskeie belangwekkende VCHO-kongresse het gedurende hierdie derde kwart van die 20ste eeu plaasgevind, wat almal daarop gerig was om die saak van Christelike onderwys en wetenskap verder te bevorder en uit te bou. Vooraanstaande akademici van daardie tyd het 'n leidende aandeel gehad in die Christelik-lewensbeskoulike vormingswerk wat gedurende daardie tydvak in VCHO se bestaan tot stand gebring is. Die 25-jarige Feeskongres van die VCHO het in 1975 op die UV-kampus plaasgevind, met groot landwye belangstelling. Daaraan het ook verskeie gerekende akademici van oorsee deelgeneem, met wie gedurende daardie jare betekenisvolle verbintenisse ontstaan het.

Nie slegs die UV nie

Onmiddellik moet gekonstateer word dat die VCHO gedurende sy ontwikkelingsgang en verbintenis van daardie jare met die UOVS, die belang van bande met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUvCHO) en selfs die Universiteit van Pretoria hoegenaamd nie geringgeskat het nie. Dit was vir VCHO deurentyd belangrik dat óók met hierdie twee universiteite goeie bande aangeknoop en gehandhaaf word, ter wille van die bevordering van Christelike onderwys en wetenskap. Daar het, na skrywer se beste wete, goeie verhoudinge met die destydse PUvCHO tot stand gekom, tot dié mate dat aan VCHO die ope vergunning verleen is om op die Potchefstroomkampus te kon werk ter bevordering van hierdie saak. Hierbenewens was VCHO ook bevoorreg om gedurende die vierde kwart van die twintigste eeu verskeie kongresse op Potchefstroom te kon aanbied. Daarby kan verklaar word dat tot hede steeds steun uit Potchefstroom ontvang word vir die werk van VCHO. Dit kan ook nie anders nie, as gedink word aan die jarelange bydrae wat prof. Jan van den Berg (fisikus), as voorsitter, asmede die bestuur van die Potchefstroomtak van VCHO, gelewer het.[2]

Getuienis oor Potchefstroom

Teen die agtergrond van alles wat tot hiertoe gesê is, lees 'n mens in die 50-jarige gedenkblad 'n belangrike stuk getuienis oor Potchefstroom. In 'n afdeling: "VCHO en die Universiteit van die Vrystaat" in die VCHO-Jubileumblad laat prof JC Lombard hom onder meer soos volg uit: "Vir die saak van Christelike wetenskap en onderwys bly die doelwit-ideaal steeds 'n volledige Christelike universiteit waar al die vakke vanuit die Christelike grondmotief in die lig van die Bybel doseer word. Die naaste wat ons in die RSA aan hierdie ideaal gekom het was die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUvCHO), vanuit die jarelange inisiatief van die Gereformeerde Kerk. Baie studente van onder andere die Nederduitse Gereformeerde Kerk het wel ook aan die Potchefstroomse Universiteit met groot vrug studeer, maar in die NG-Kerkkringe was dit net die VCHO wat vir die ideaal getuig en gewerk het in soverre dit menslik moontlik was".

Prof. Lombard was destyds departementshoof van Bybelkunde aan die UOVS en tóg was voormelde sy waarneming oor Potchefstroom. Hierdie getuienis is belangrik, in soverre dit die Gererformeerde Kerk se ywer vir Christelike onderwys en wetenskap bevestig en die positiewe gevolge daarvan aan die destydse PUvCHO boekstaaf. Op grond hiervan kon ook met Potchefstroom vrugbaar saamgewerk word.

Uitwerking van grondverskuiwende verandering

Met die eeuwending het VCHO die grootskaalse impasse van lewensbeskoulike koersaanpassing op die terrein van georganiseerde kultuur en die universiteitswese verreken. Tereg sou gevra kon word na die (21ste eeuse) relevansie van VCHO se doel en missie, inagnemende die heersende transformasiepolitiek weg van Christelik na sekulêr. 'n Mens sou kon verklaar: die huidige kulturele opset en die universiteitswese van Suid-Afrika is uiters divers, maar ook kompleks. Sou daar vir die Christelike lewensbeskouing nog enigsins 'n staanplek wees? Dit kan sekerlik nie ontken/ misgekyk word nie dat uiters verontrustende tendense, sover dit Christelike onderwys en wetenskap betref, gedurende die afgelope dekades waargeneem word.

Sedertdien het in akademiese sin (na skrywer se beskeie oordeel) veelal grondverskuiwende lewensbeskoulike denkveranderinge ingetree. Volgens (beskeie) waarneming sou sommige daarvan as paradigma-verskuiwend bestempel kon word, andersins sou dit moeilik verklaar kon word. Terwyl die verwagting bestaan dat verhoudinge met universiteite genormaliseer sou kon word, word omstandighede as gevolg hiervan (die grondverskuiwing) gekompliseer. Vanuit VCHO-perspektief gesien, bly dit imperatief dat Christelike onderwys en wetenskap aan jongmense van Christelike herkoms/stand gebied moet word. Die vroeër-gestelde vraag behoort gevolglik nie te wees of daar nog 'n staanplek is nie, maar: watter Skrifmatige beginsels behoort te geld vir gemeenskappe wat die Christelik-gereformeerde belydenis handhaaf? Wat VCHO betref, is daar slegs één antwoord, naamlik Christelik-normatiewe onderwys/wetenskap.

Tans is die waarneming dat 'n gebrek aan gemeenskaplike religieuse en lewensbeskoulike bindkragte as ván die mees kompliserende faktore aangetoon moet word. Terwyl kennis geneem word van lewensbeskoulikveranderende tendense, word die feit dat daar nog ruimte vir gesprek is, egter verwelkom.

Religieus-lewensbeskoulike bindkrag

Tans is die waarneming dat 'n gebrek aan gemeenskaplike religieuse en lewensbeskoulike bindkragte as ván die mees kompliserende faktore aangetoon moet word. Terwyl kennis geneem word van lewensbeskoulikveranderende tendense, word die feit dat daar nog ruimte vir gesprek is, egter verwelkom. Dat VCHO in bepaalde opsigte met die bogemelde universiteite kan saamwerk, word as waardevol geag, onder meer dat VCHO bevoorreg was om by verskillende geleenthede kongresse op die Potchefstroomkampus te kon aanbied, soos gemeld. Die doel daarmee was om die Christelik-reformatoriese standpunt te probeer uitdra.

"Kontemporêre Christelike lewensbeskouing" is derhalwe 'n wesenlik-belangrike tema vir besinning oor die pad vorentoe. In VCHO-geledere word besef dat die universiteitswese met uiters gekompliseerde vraagstukke te kampe het. Om eenvoudige antwoorde te suggereer, sal nie werklik 'n bydrae maak tot vraagstukhantering in heersende omstandighede nie, en is ook nie as doel van VCHO-deelname aan die 2016-konferensie beskou nie. Insgelyks egter die opmerking dat oor die loop van dekades koers-aanduidende artikels in *Koers* en die *Tydskrif vir Christelike wetenskap* verskyn het, waarby aansluiting gesoek sou kon word.

Voortgesette kontak & skakeling

In 2000 was VCHO bevoorreg om die 50-jarige Jubileumkongres te kon vier, met deelname ook vanuit Stellenbosch. VCHO het die 16 jaar hier-opvolgend onverpoosd voortgegaan met informele skakeling met akademies en instellings wat op die Christelik-reformatoriese lewens-beginsel gegrondves is en met wie daar tans 'n goeie basis van samewerking bestaan. Hierdie instellings en akademies, hoofsaaklik in die privaatbedeling, is oorwegend in Pretoria gesetel. Daar word, kragtens beleid, op projek-gerigte basis saamgewerk, met behoud van selfstandigheid. In die onlangse verlede is daar binne die Forum vir Christelike Onderwys geleenthede geïdentifiseer vir die bevordering van Christelike onderwys en wetenskap. Danksy hierdie goeie basis van samewerking kon daar, byvoorbeeld, begin Maart 2016 'n belangwekkende konferensie oor Christelike onderwys in Pretoria gehou word, waaraan 'n sewetal instansies deelgehad het. Die tema was: "Onderwys en opleiding in Suid-Afrika by die keerpunt: Ondersoek na haalbare praktiese alternatiewe deur die Christelike benadering voorgestel".

HG Stoker-navorsing

Dit dien ook hier vermeld te word dat die VCHO hom met die aanbreek van die 21ste eeu tot die HG Stoker-projek verbind het. Navorsing oor die lewe en werk van prof HG Stoker, in lewe filosoof van Potchefstroom, is een van die prioriteite op die VCHO se akademiese program. Akademici is waarskynlik bewus van die publikasie, in elektroniese formaat, van prof Stoker se gepubliseerde en ongepubliseerde werk. Die werk gaan steeds voort en ons bedank nogeens die Noordwes-Universiteit vir befondsing uit die Stoker-nalatenskap. Die navorsing word gedoen vanuit die oortuiging dat die ontsluiting van hierdie werk 'n belangrike loodsprojek vir verdere uitbouing van die Christelik-reformatoriese erfenis daarstel, soos vanuit die Filosofie van die Skeppingsidee van prof HG Stoker. Prof Stoker is immers die Afrikaanse denker-filosoof in die Christelik-reformatoriese tradisie wat 'n oorspronklike filosofie aan Suid-Afrika nagelaat het, waarop voortgewerk kan en wil word.

Fokus op VCHO-tydskrifte

VCHO-tydskrifte word aangewend om die boodskap en betekenis van Christelike onderwys/wetenskap uit te dra. Die geakkrediteerde filosofies-wetenskaplike *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* bestaan sedert 1965 en het sedertdien ononderbroke verskyn. Dit is sedert 2014 ook elektronies beskikbaar, met 'n eie webblad (cs-journal.co.za). Buitengewone uitgawes oor besondere temas word van tyd tot tyd gepubliseer. Die populêre *Roeping & Riglyne* is vir VCHO-lede bestem en beleef reeds hierdie jaar sy 64ste jaargang. Beide hierdie publikasies dra die Christelik-lewensbeskoulike perspektief ten opsigte van onderwys/wetenskap en lewenspraktyk onderskeidelik.

Dit is en bly VCHO se vaste oortuiging dat die Christelike lewensbeskouing in die 21ste eeu op alle terreine van ons samelewing uitgebou moet word. In besonder is dit die roeping en verantwoordelikheid van skole en tersiêre instellings om deur middel van vakinhoude en –onderrig hieraan konkrete beslag te gee.

Slotbeskouing

VCHO was deurentyds daarop ingestel om aan sy doelstrewe en missie getrou te bly. Dit het VCHO tot voordeel gestrek dat hy tot hiertoe as 'n vrye, selfstandige vereniging kon bly funksioneer. Teen die einde van die twintigste eeu het sommige kultuurorganisasies en selfs kerkgenootskappe hulleself gedronge gevoel tot

herformulering van hulle oorspronklike doelstellings en missies, ter wille van 'n nuwe staatkundige bedeling. VCHO het dit egter nie nodig gevind om verandering te implementeer nie, maar het by sy oorspronklike grondslag gebly. Die lewenskrag van die Christelike grondmotief geld nie slegs vir 'n tydlank nie, maar vir alle tye en omstandighede. Oorgange in staatkundige of welke ander sin ookal, kan kom en sal kom en gaan, maar die Christelike grondmotief deurstaan dit alles. Daarom kon VCHO tydens die oorgang gewoon met sy opdrag en roeping voortgaan.

Dit is en bly VCHO se vaste oortuiging dat die Christelike lewensbeskouing in die 21ste eeu op alle terreine van ons samelewing uitgebou moet word. In besonder is dit die roeping en verantwoordelikheid van skole en tersiêre instellings om deur middel van vakinhoude en -onderrig hieraan konkrete beslag te gee. 'n Openheid na instansies wat oor Christelike onderwys gesprek wil voer, word in die omstandighede gehandhaaf. VCHO wil derhalwe hiermee sy besondere staanplek (Woordgebonde indiensbaarheid) dankbaar herbevestig.

Bronverwysings

KERKSAAK. 1931. *Die Kerksaak tussen prof. J. du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika.* Kaapstad: Nasionale Pers.

VCHO. S.a. *Jubileum-gedenkblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. 50 goue jare, 1950 tot 2000.* Bloemfontein: VCHO.

[1] **Doel:** Die bevordering van Christelike opvoeding, Christelike onderwys en Christelike wetenskap.

Grondslag: Die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God in sy geheel en in al sy dele.

Missie: Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk.

[2] Dank en waardering teenoor goedgesindheid wat deurentyd in skakeling met universiteite ervaar word, word uitgespreek. Skrywer doen dit graag namens die VCHO-hoofbestuur en met die oog op die goeie samewerking wat daar steeds bestaan. Veral ook die feit dat ons *Tydskrif vir Christelike wetenskap* nog goeie ondersteuning geniet. In besonder ook dosente en lektore wat bereid is om bystand met keurwerk van artikels te verleen en vir ander ondersteuning van VCHO se werk.

Helena, Hugo. 2017. **Elim.** Lux Verbi. Prys: R166. ISBN: 978-0-7963-1972-2. 416pp.

Resensent: Irma Hugo

Elim – die Oud-Testamentiese oase met twaalf fonteine en sewentig palmbome- dís wat Daniël Basson aan Anna Catharina, die dorpsmeisie van Kimberley, belowe as sy hom die jawoord sou gee. Anna Catharina is reeds van kleintyd op Daniël verlief. Is haar liefde egter sterk genoeg om die bedrukkende Karoo-plaaslewe met sy droogtes en peste, nimmereindigende werk, familietwiste en venynige skinderpraatjies aan te durf? Boonop is Daniël self nie so seker van sy gevoelens nie.

Elim vertel die verhaal van die fiktiewe Basson-familie teen die agtergrond van 'n bepaalde era in die Suid-Afrikafrikaanse geskiedenis (die laat 19e eeu) op 'n tipiese Karoo-plaas . Die skryfster kry dit reg om lewe te blaas in die milieu en gewoontes van weleer en oortuigende persoonlikhede daarbinne te skep. Elkeen van die hoofkarakters het te kampe met sekere innerlike wroeginge, wat met die verloop van die verhaal gekonfronteer word. Sentraal in die lewens van die familie en gemeenskappie staan die Hooghollandse Statebybel, wat in tye van wanhoop en wantroue, 'n baken van hoop en versoening verteenwoordig.

Helena Hugo is geen onbekende onder Suid-Afrikaanse skrywers nie en het reeds meer as 52 boeke gepubliseer. Vanaf 1978 skryf en regiseer sy onder meer kleuterstories, jeugdramas, sepies en romans, maar sedert 2013 spits sy haar toe op Christelike fiksie. *Elim* volg van die roman *Mispa* op, wat in 2016 verskyn het.

Lesers wat na 'n liefdesverhaal met iets meer en diepers om die lyf soek, behoort hierdie roman te geniet.

World Reformed Fellowship

Flip Buys
(International Director of WRF)
buys.flip@gmail.com

This article is based on a conference paper delivered at "The need for a contemporary Christian worldview" conference on 2 September 2016

World Reformed Fellowship (WRF) is a network of Reformed and Presbyterian denominations, local churches, theological seminaries, mission organizations and individual members around the world.

At the moment 85 denominations, 122 congregations, 198 organizations like seminaries, mission organizations and community development organizations and 829 individuals from 84 countries around the globe are registered members of World Reformed Fellowship. Applications for membership can be done on the website www.wrfnet.org

What Is the WRF and What Does It Do?

Contemporary Statement of Faith

At the first General Assembly of the World Reformed Fellowship in Orlando, Florida, in 2000, Dr Andrew McGowan from Scotland proposed that the newly-formed WRF could serve the Church by writing a new Confession of Faith for the 21st Century. There were three reasons why I believed that this would be a useful project.

The first reason was that the members of the WRF were drawn from many nations and from many denominations and were using a whole range of confessional statements. This included the Scots Confession, the Belgic Confession, the Heidelberg Catechism, the Thirty nine Articles, the Canons of the Synod of Dort, the Westminster Confession of Faith, the Savoy Declaration and others. At the same time there was general agreement that we were all Reformed in theology and that it should be possible to come up with a common confessional statement.

The second reason was the need for a confessional statement to address the issues the church is facing today. All of our Confessions were written in the sixteenth and seventeenth centuries and were largely designed to state the Reformed faith as over against medieval Roman Catholicism and, in the case of the later ones, Arminianism. None of the Confessions deal with the major issues which have faced the Church throughout the nineteenth and twentieth centuries, such as Liberalism, Pluralism and Postmodernism.

Some churches have now officially adopted the WRF "Statement of Faith" It can be read at: http://wrfnet.org/about/statement-of-faith#.WEFOdoWcHIU).

The third reason was that all of our Confessions were written in Western Europe, whereas the leadership in the global church has now moved to the southern hemisphere. We thought it was necessary to see what would happen when scholars from Africa, Asia, Australasia and South America joined with theologians from Europe and North America to engage in such a task.
Some churches have now officially adopted the WRF "Statement of Faith". It can be read at: http://wrfnet.org/about/statement-of-faith#.WEFOdoWcHIU).

Mutual support and assistance

Our members often write to request assistance with specific theological or personal matters and we try to provide that assistance when we can. Normally, we do this by contacting all of our members regarding the specific issue and allowing them to provide the assistance. **We**

see this as an example of "the strengths of some becoming the strengths of all in the service of Jesus Christ." Here are some recent examples of such requests and of the assistance we provided.

Assistance with missionaries arrested

On February 6, 2017, we received a request from one of our denominational members, The Evangelical Presbyterian Church (EPC), (USA) that we contact all of our members on behalf of EPC missionary Andrew Brunson who has been imprisoned for four months in Izmir, Turkey. The EPC suggested three courses of action which WRF members might take, one of which involved signing a petition to the White House in Washington, D.C. and another of which involved signing a petition to President Erdoğan of Turkey. We shared that request with all of our members and many of them did sign one or both of those petitions. Rev. Brunson is still in prison, but efforts are going on to secure his release.

Another of our denominational members is the Presbyterian Church of Brazil. Three of their missionaries to Senegal were arrested and imprisoned for carrying on Christian evangelism in that largely Muslim country. We were contacted by that denomination and asked to help with the situation. We wrote **a proposed letter to the President of Senegal urging that the Brazilian missionaries be released**. We then sent that letter to all of our members, inviting them to add their signature to it. 116 did so and the nations from which the signatures came are these – Argentina, Bangladesh, Brazil, Canada, The Czech Republic, El Salvador, France, Germany, Hong Kong, India, Indonesia, Italy, Madagascar, The Netherlands, Nepal, New Zealand, Nigeria, The Republic of Ireland, Scotland, Sierra Leone, South Africa, Trinidad, Uganda, and The USA. Two weeks after the letter was sent, the missionaries were freed. Of course, the letter did NOT bring this about. **The Lord freed the missionaries**. But He may have sovereignly chosen to use the WRF letter in doing so.

Advice to young churches

One of our member congregations is in a predominantly Roman Catholic country. They have seen some conversions from Roman Catholicism to the evangelical Reformed faith and they asked us whether re-baptism is required of those converts who were originally baptized in Roman Catholic churches. We received 12 responses (some quite lengthy) from WRF members in Australia, The Netherlands, South Africa, and The United States. These were shared with the inquiring member.

Another of our members, this time an individual, who is also involved in ministry where Roman Catholicism is dominant, asked us to provide assistance in understanding the similarities and differences between the Reformed doctrine of sphere sovereignty and the Roman Catholic doctrine of subsidiarity. In response to this request, we received advice from WRF members from Brazil, Italy, The Netherlands, and The United States and this advice was shared with the inquiring member.

Involvement in Theological Education

WRF is involved in theological education on a global scale.

Through the years WRF co-hosted several international conferences on various aspects of theological education:

- In Boston with the Lausanne Movement, World Evangelical Alliance and International Council for Evangelical Theological Education (ICETE) at Gordon Conwell Theological Seminary on Boston Campus in 2013.
- At Mackenzie University in Sao Paulo in 2015 on "How can seminaries in developing countries be helped?"
- WRF is an advisory member of the ICETE.
- WRF co-hosted Theological Education in Africa conferences in Uganda.
- In May 2016 dr. Flip Buys, International Director of the WRF participated in Cairo in a strategic planning consultation on pastoral training for more than 400 Muslim Background Christians from North-African countries.
- In June 2016 the WRF was asked to lead a track on developing curricula for theological education in Bangkok at the

Global Proclamation Congress for Pastoral trainers on Accelerating Church Health Worldwide. This congress, which was co-hosted by the Lausanne Movement, the World Evangelical Alliance and the International Council for Evangelical Theological Education. It was attended by 3000 church leaders from 120 nations around the world.

- In August 2017 the World Reformed Fellowship will be co-hosting a large conference in Arusha in Tanzania on Theological Education, Worship and Community Development in Africa. About 400 church leaders from 20 African countries are expected to attend.

World Reformed Fellowship is planning to co-host a global conference with the World Evangelical Alliance in 2018 on the calling of the church in the world-wide challenge of millions of refugees and displaced migrants.

Hosting other conferences on burning issues of global concern

Through the years WRF has hosted conferences and several publications and articles on the website have been published on:

- Christian Ministry in Muslim Contexts
- Human trafficking
- Sexual abuse of women and children
- Missions and church planting
- Challenges from around the world of the issue of immigration and the trauma of displaced refugees.

WRF is planning to co-host a global conference with the World Evangelical Alliance in 2018 on the calling of the church in the world-wide challenge of millions of refugees and displaced migrants.

500th anniversary of the reformation in Wittenberg

In October 2017 the WRF will host a major conference celebrating the 500th anniversary of the start of the Reformation. This conference will be held in Wittenberg, Germany, where Martin Luther posted his 95 theses, during the last week of the month. Speakers at the conference will come from Brazil, The Czech Republic, England, Germany, Hong Kong, Indonesia, Japan, The Netherlands, Nigeria, Scotland, South Korea, and the USA. The theme of the conference will be "The Global Impact of the Reformation and its Relevance for Continuing Reformation". The conference is open to the public. Further information and registration materials are available on the WRF website [www.wrfnet.org].

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za

The *Koers* Association: A precious heritage from the past to be revived at present to flourish in the future

Bennie van der Walt
(Emeritus professor, NWU Potchefstroom campus)
benniejvanderwalt@gmail.com

This article is based on a conference paper delivered at "The need for a contemporary Christian worldview" conference on 2 September 2016

Thank you for the opportunity to briefly inform our readers with the little I know about a history covering no less than nine decades as well as where we have arrived today.

My article consists of the following three main points:

- A brief historical review of organised Calvin-istic actions in the past.
- Something about the main aim of the *Koers* Association, and the journal *Koers*.
- The recent history of the *Koers* Association, the challenges facing it as well as a few requests.

A brief historical review

Viewed historically, gathering for a conference, like this one, is not something completely novel. A century ago our Calvinist ancestors already had to get together, plan, educate and publish to ensure the survival of a Christian worldview and its implications for all of life.

The past hundred years

I only mention a few flashes from the past for our encouragement today. (For detail cf. Van der Walt, 1981:396-431. This chapter was, unfortunately, not taken up in subsequent editions of the book. Also Coetzee, 1959 and Van Rooy, 1959).

- On 01/07/1894 the Korps "Veritas Vincet" (a students' organisation) was established at Burgersdorp and later existed for many years at the Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU for CHE) in Potchefstroom.
- In 1920 the Vereniging vir Kristelike Hoër Onderwys (Association for Christian Higher Education) was established, transformed in 1924 to Die Christelike Unie (The Christian Union) and again changed in 1929 to Die Kristelike Nasionale Bond van Calviniste in SA, (The Christian National Bond of Calvinists in SA) finally to become the Calvinistiese Unie (The Calvinist Union), supported mainly by Dutch Reformed people in the country.
- In 1926 the *Koers* Association was established in Potchefstroom. The first issue of its periodical, *Die Wagtoring* (The Watch Tower), appeared in July 1928. It was rebaptised as *Koers*, of which the first issue was published in August 1933. In the beginning it published the same amount of academic and popular articles, but later developed into a purely scholarly journal, which continues till this day.
- During the thirties of the previous century, senior people and students of the Reformed Church and the Dutch Reformed Church cooperated in the Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (Federation of Calvinist Student Organisations) and published inter alia the three volumes of *Koers in die Krisis* (Direction in the

crisis) in 1935, 1940 and 1941 and many other smaller books.

- The (Dutch Reformed Church orientated) Calvinist Union was followed (in 1949) by the Association for Higher Education on a Christian Basis to be renamed (1952) as Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) (Association for Christian Higher Education). Like most of the previous organisations it published first (from 1953) a general periodical, *Roeping* (Calling), later on (1970) its name was changed to *Roeping en Riglyne,* and started (in 1965) also with the publication of an academic journal, *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (Journal for Christian Scholarship), which still appears today from Bloemfontein. For more details about various other initiatives of the VCHO, as well as the publisher, SACUM (Suit-Afrikaanse Christelike Uitgewersmaatskapy), cf. Schutte, 2005:372-373.

- More or less at the same time the Doppers of Potchefstroom established (in March, 1953) the Afrkaanse Calvinistiese Beweging or ACB (Afrikaans Calvinist Movement), later renamed as Reformatoriese Beweging van Suider Afrika (REBSA) (Reformational Movement of Southern Africa). The first issue of its periodical, *Woord en Daad/Word and Action,* still in existence today, appeared in 1954.

- Lastly we have the Suid-Afrikaanse vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap (The Association for the Promotion of Christian Scholarship) established in September 1964. From 1965 to 1977 it published 53 issues of the *Bulletin van die SAVCW* with Prof. H.G. Stoker as editor. Unfortunately it died a slow death. The same happened to the Christelike Onderwysvereniging van Suid-Afrika (the Christian Educational Organisation of South Africa), founded in 1973, as well as its journal, *Fokus.*

A vast amount of literature still awaiting to be researched was produced by all these movements, covering every aspect of life from a Christian perspective. (Cf. Van der Walt, 1980a-1980d for a comprehensive bibliography.)

History testifies that the idea of a Christian Worldlview, based on the solid foundation of God's revelation, deserves our trust. In spite of some derailments (like the Christian-national idea), it is not a temporal fad soon to disappear. In our country it is already more than 100 years old, with even deeper roots, centuries old.

What we can learn

Let me mention only four practical lessons to be learned from these historical fragments. The first is that the explication, dissemination and application of an integral Christian worldview is not a simple task. It requires great effort and perseverance. The second is that every new generation has to revaluate and rework it anew. The third is the close cooperation between an older generation (e.g. lecturers and professors) and the younger ones (students) in many of these movements. Lastly, history testifies that the idea of a Christian Worldlview, based on the solid foundation of God's revelation, deserves our trust. In spite of some derailments (like the Christian-national idea), it is not a temporal fad soon to disappear. In our country it is already more than 100 years old, with even deeper roots, centuries old.

Something about *Koers*

Prof. Annette Combrink, editor-in-chief of *Koers* again, will tell you more than I can (cf. Combrink, 2012).But since the Koers Association's main object is to publish *Koers*, I may perhaps add something.

The relationship between *Koers* Association and *Koers* is formulated (in Article 4 of the *Regulations* attached to its Constitution of 2014) as follows: "The journal *Koers* is owned by and published by the *Koers* Association, but editorially *Koers* is independent and only bound to its editorial policy." The *Koers* Association and *Koers* are therefore closely connected, while the authority of both is acknowledged.

From about the 1970s, however, *Koers* could no longer continue independently. In view of the long and special bond between the journal and the PU for CHE, the University started to support it financially and logistically.

Close relation with a university

From about the 1970s, *Koers* could no longer continue independently. In view of the long and special bond between the journal and the PU for CHE, the University started to support it financially and logistically.

During the 1980s, because of stricter requirements for journal accreditation and refereeing, this assistance became even more needed to ensure the academic respectability of *Koers*.

An own publications office

In the course of time a Publications Office was established to take responsibility for the administration and publication of three Potchefstroom journals, *Koers*, *In die Skriflig* (a theological journal) and *Literator,* as well as *Woord en Daad/Word and Action*, the mouthpiece of the Reformational Movement of Southern Africa. (*Woord and Action* was previously published on behalf of REBSA by the Institute for Reformational Studies which was terminated at the end of 1999. Because of its popular nature, it did not qualify for state subsidy.)

As Combrink (2012:8) indicates, the funding formula also changed. The three academic journals now had a different form of revenue. Page fees were payable by authors, and since the University benefitted significantly from refereed publications, they also paid the required page fees on behalf of the writers.

To keep these three academic journals independent from the University, the University only provided an office and other infrastructure while the owners (associations) of the journals paid the three staff members of the Publications Office.

New developments

After the retirement of Combrink as editor in 2004, Prof. Paul Styger took over, followed by Helena Hoogstad in 2008. Young and energetic, she gave the journal a face-lift, added two sub-editors together with twelve editorial associates as well as eight representatives of like-minded Christian organizations worldwide.

The publications office, which developed an enviable reputation for efficiency and professionalism, was unfortunately closed by the university officials during Hoogstad's term. Since 2012 the three journals have been forced to make use – at an exorbitant price – of the editorial assistance of a newly established enterprise in the Western Cape. The university nevertheless decided to subsidise the journals, but only for the next three years; the assumption being that after three years the journals would be able to survive from own resources (subscription and page fees) – a totally unrealistic idea. Sufficient consultation with the Publications Office and experienced editorial committees could have proven its unfeasibility. Furthermore, did the university authorities realise that they were killing three geese laying golden eggs? The university received state subsidy of approximately R115,000 per refereed article published in each of these three journals!

Since *Word and Action's* popular articles could not qualify for any kind of subsidy, it was left in the cold, but was rescued by the Institute for Foundational Studies which, since 2014, is responsible for its administration and financing.

Helena Hoogstad retired as editor-in-chief when she left South Africa in 2014 to study for a PhD at the Institute for Christian Studies in Toronto, Canada. An old stalwart, Prof. Annette Combrink (editor of *Koers* from 1983

to 2004), again took over the reins. Even then there was uncertainty about whether the North-West University (NWU) would subsidise *Koers* again from 2015 onwards. Combrink managed to solve the problem, and since *Koers* already cancelled its contract in the western Cape, arranged cheaper editorial and printing facilities. We have to be very grateful to professor Combrink, since the honorarium she herself receives for a lot of work, will let anyone laugh or cry.

The recent history of the *Koers* Association and the challenges it faces

As mentioned at the beginning, what happened with the *Koers* Association from 1926 to 2013, I do not know much. It seems that it remained more or less silent behind its main objective and mouthpiece, *Koers*. In 2013 various circumstances called for a revival. Since we could not even find a copy of its Constitution, it had to be rewritten in 2014. A new governing body was elected, consisting of seven members, including myself as chair – three of these having already disappeared or gone overseas.

Relevant parts of the constitution

The following excerpts from the latest constitution of the *Koers* Association provide important information.

Article 2 states the *Koers* Association's basis as follows: "The *Koers* Association is based on a Christian-scholarly worldview, founded on the Bible as God's infallible Word".

Article 3 describes its aims as follows: (a) "To encourage, according to its basis, scholarly endeavours within the full spectrum of all disciplines". (b) "To publish *Koers* to reach the aim as stated in article 3a". (c) "To seek and maintain contact with like-minded organisations of a Christian character".

Article 5 reads: (a) "That the *Koers* Association maintains a special relationship with the North-West University and that its organisational centre is situated at this university. (b) The highest authority of the *Koers* Association is a general meeting of its members to be held at least every three years".

Article 6 describes members as follows: "All subscribers to *Koers* as well as other persons in agreement with the basis of the *Koers* Association, who have applied for membership and have been accepted as members, are considered to be members of the *Koers* Association".

Article 7 of the Regulations (attached to the constitution), adds that the *Koers* Association's committee can, from time to time decide about membership fees to be collected.

A sub-article of Article 6 states that the management of the *Koers* Association may, from time to time, arrange conferences to advance the aims of the Association.

New government regulations, applicable to the subsidy of academic journals from 2017 entail the following. No journal may be granted university subsidy unless an organisation/association, independent of the university, owns and publishes the journal.

The latest challenge

According to the recently retired Dean of the Faculty of Arts and Philosophy, Professor Jan Swanepoel, new government regulations, applicable to the subsidy of academic journals from 2017 entail the following. No journal may be granted university subsidy unless an organisation/association, independent of the university, owns and publishes the journal. Furthermore the association will have to prove that it has sufficient support of a substantial membership, a governing body, a constitution and subscribers.

This new arrangement confronts the *Koers* Association with a challenge. On the address list of 2013 available to me, I counted, apart from 17 libraries, only 30 subscribers, some of whom have already passed away and some who may have changed address or simply access *Koers* via computer. I also don't know

whether they still agree with the basis of the *Koers* Association and/or have been reminded to pay their membership/subscription fees since 2012. The *Koers* Association therefore does not have sufficient members (cf. again article 6 of the Constitution) to qualify for university subsidy and guarantee its future. History has proved that, once an association or a periodical/journal has been terminated, it will never see the light of day again.

A few requests

May I therefore ask all readers to seriously consider the following:

- Your comments, suggestions and advice today and in the future will be most welcome.
- Join as a member of the *Koers* Association. Contact prof. Combrink at: Annette.Combrink@nwu.ac.za. Included in your membership will be four free issues of *Koers* in 2017/2018.
- If possible, write articles for *Koers*.
- I am an old man. At the end of my term as chair of the *Koers* Association (February, 2017) I will resign with very little achieved, apart from keeping the *Koers* Association alive merely on paper. My sincere hope is that the younger generation will be willing to come on board to rejuvenate the *Koers* Association by providing advice, administrative assistance, and energetically and enthusiastically explore its ideals.

Conclusion: a time to celebrate

As Christians we should not become despondent and desperate, only concentrating on problems and challenges. We always have reason to be thankful and even celebrate. I see at least two reasons to be grateful and end on a positive note.

When we look back, remember that we commemorated the 90th anniversary of the *Koers* Association in 2016. Let us thank God for his gracious blessings upon this association for so many years. Remember also with gratitude the many editors and writers who unselfishly contributed to *Koers*. We are here to commit ourselves to carry this precious gift toward its centenary in 2028.

When we look at the future there is a second reason to end in a positive note. In my brief historical review I did not explicitly mention the rivalries, tensions and divisions between, for instance, Christians from the Dutch Reformed and Reformed Churches. Neither did I mention that Christian-nationalism, the form in which the Christian worldview was cast by many of our predecessors, excluded our black fellow-Christians.

Today, however, we have all come together, we want to take hands, to work together to be able to face an unknown future. We are united again: Dopper and Gatjiepon-der as well as other faith communities, black and white, young and old.

Finally, let us never forget Christ's parables of the mustard seed and yeast (Matthew 13:31-33, Mark 4:30-32 and Luke 13:18-21).

Bibliography

Coetzee, J.C. (1959) en Van Rooy, D.J. (1959). The Reformed Church of SA and its Calvinist activities, In: *Die Gereformeerde kerk in S.A., (1859-1959), gedenkboek by geleentheid van die eeufees.* Potchefstroom: *Die Kerkblad*. p. 225-255.

Combrink, A. 2012. *Koers* – reflections on the origin and highs and lows of a focussed academic journal. *Koers,* 77(1):7-8.

Schutte, G. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880-2005.* (2 volumes). Zoetemeer: Uitgeverij Meinema.

Van Der Walt, B.J. (red.) 1980a. *Die inslag van die Calvinisme in SA: histories en prinsipieel.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Van Der WALT, B.J. (red.) 1980b. *Die inslag van die Calvinisme in SA: godsdienstig en theologies.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Van Der Walt, B.J. (red.) 1980c. *Die inslag van die Calvinisme in SA: wetenskaplik en opvoedkundig.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Van Der Walt, B.J. (red.) 1980d. *Die inslag van die Calvinisme in SA: maatskaplik en staatkundig.* Potchefstroom: PU vir CHO.

Van Der Walt, B.J. 1981. Christian-national: tracking down Calvinism in South Africa. In: Van der Walt, B.J. *Anatomy of reformation.* p. 396-431. PU vir CHO.

Oor die Instituut vir Grondslae-ondersoek (IGO) aan die Noordwes-universiteit

Historiese agtergrond

Die *Sentrum vir Geloof en Wetenskap* (SGW) aan die PU vir CHO, en later aan die Noordwes-universiteit, het in Januarie 1996 tot stand gekom as 'n alternatief vir die *Departement Wetenskapsleer*, wat van 1980 tot 1995 verantwoordelik was vir die onderrig van die verpligte voorgraadse vak Wetenskapsleer, sowel as vir die opleiding van nuwe dosente in "christelike wetenskapsbeoefening". Die SGW het aanvanklik as 'n onafhanklike entiteit onder beheer van die kantoor van die Rektor gefunksioneer. Die opdrag aan die SGW was dat dit ondersteuning moes bied aan dosente en studente ter bevordering van wetenskapsbeoefening vanuit 'n christelike perspektief. Toe die *Instituut vir Reformatoriese Studies* (IRS) aan die einde van 1999 gesluit is, is van die IRS se funksies (waaronder skakeling met christelike akademiese instellings, publikasies vanuit 'n christelike perspektief, publieke lesings en konferensies waartydens 'n christelike perspektief aan die orde gekom het) ook oorgedra na die SGW. Die SGW is in 2004 struktureel na die (nuwe) Skool vir Filosofie verskuif ten einde 'n tuiste te vind in die (toe veranderende) universiteitsmodel waarvolgens alle entiteite in óf skole óf navorsingsfokusareas geplaas moes word. Die bedoeling was dat die SGW as 'n entiteit naas die vakgroepe Filosofie, Verstaan die Wêreld, (en later) Etiek moes bestaan – met 'n afsonderlike doelstelling, funksionering en begroting.

Die SGW se naam het gedurende 2010 verander na die *Instituut vir Grondslae-ondersoek* (IGO). Met "grondslae" word bedoel die soort *religieuse* beginpunte wat gevind word in konsepte soos "religieuse grondmotiewe", "finale verbondenhede" ("ultimate commitments"), die "hoogste goeie" of "*summum bonum*" ("highest good"), ensovoorts.

Bogenoemde doel en funksies van die SGW, gerig deur die sentrale doel naamlik wetenskapsbeoefening vanuit 'n christelike perspektief, word steeds deur die IGO nagestreef.

Tot 2003 is die SGW geadviseer en beheer deur die *Advieskomitee vir Reformatoriese Wetenskap* (ARW). Dié reëling het egter in onbruik geraak en die hoof van die SGW het van jaar tot jaar met 'n dekaan van 'n fakulteit saamgewerk sodat optredes van 'n besoeker en die Puk-Forum vanuit 'n bepaalde fakulteit aangebied is.

Die take van die SGW/IGO het die volgende ingesluit:

- Ondersteun en handhaaf 'n oorsig oor take wat verband hou met verpligte kursusse (*Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente* en *Verstaan die Wêreld*). Hierdie take is tans egter onder die beheer van die SCPG (*Senate Committee for Philosophical Grounding*). Die Skool vir Filosofie gee wel administratiewe ondersteuning in hierdie verband.

- Finansiële ondersteuning aan personeel oor fakulteite heen wat navorsing oor die grondslae van wetenskapbeoefening vanuit christelike perspektief wil doen.

- Die IGO hou kontak in stand met instellings en geleerdes wat 'n geïntegreerde christelike perspektief op die wetenskap nastreef. Hieronder val veral take soos die uitnooi van besoekende dosente en navorsers, asook finansiële hulp aan dosente wat kongresse wil bywoon.

- *Die uitbou van 'n publiek-intellektuele rol:*

  - Die aanbied van die Puk-Forum op die Potchefstroomkampus.

- Die aanbied van publieke lesings, debatsgeleenthede, kort kursusse en konferensiegeleenthede.

- Uitgee en ondersteuning van publikasies waarin ‘n spesifiek christelike stem gehoor word.

Huidige situasie

Oor die doel van die IGO

Die doel van die IGO is steeds die bevordering van wetenskapsbeoefening vanuit christelike perspektief. Die afstand wat die NWU gedoen het van die “CHO-van”, en die gepaardgaande gewetensklousule, het nie beteken dat daar nie ‘n behoefte by sommige akademici (en studente) oor alle fakulteite heen is om in hierdie paradigma voort te werk nie. Dit kan egter aanvaar word dat die uitbou van wetenskap vanuit christelike perspektief nie iets is wat vanself gaan kom nie - te meer nie in ‘n pluraliserende en vinnig sekulariserende wêreld nie.

Die doel van die IGO kan dus geformuleer word as die fasilitering van nadenke, gesprek, navorsing en onderrig van die integrering van religieuse grondslae en wetenskapsbeoefening, in besonder, maar nie uitsluitlik nie, vanuit christelike perspektief.

Wetenskapsbeoefening vanuit christelike perspektief word gedoen in ‘n skepties wordende omgewing. Die gesprek sal daarom al meer die breër tema van die integrering van religieuse grondslae en wetenskap insluit en dus ook met skeptici en persone van ander oortuigings as net die christelike perspektief gevoer word. Sekularisering kan wel nie gesien word as die einde van wetenskapsbeoefening vanuit christelike perspektief nie.

‘n Populêre idee wêreldwyd was dat religie algaande van die wetenskaplike toneel sou verdwyn. Maar ons beleef tans ‘n wêreld waarin religie weer ‘n beduidende faktor word. Dit kan ook gesien word in die invloed van sekulêre substitute vir religie (bv. ideologieë soos neo-liberalisme, globalisme, tegnokrasie, postmodernisme, naturalisme ens.). In hierdie situasie is nadenke oor en gesprek tussen religie(ë) en wetenskap ‘n sinvolle verdere uitbreiding van die doel van die IGO.

Die doel van die IGO kan dus geformuleer word as die fasilitering van nadenke, gesprek, navorsing en onderrig oor die integrering van religieuse grondslae en wetenskapsbeoefening, in besonder, maar nie uitsluitlik nie, vanuit christelike perspektief.

Die prominente funksie-elemente van die IGO is die volgende:

- Inisieer intellektueel-publieke geleenthede (lesings en kongresse) waartydens navorsingsverslag, nadenke en gesprek oor die integrering van religie en wetenskap plaasvind.

- Uitgee en ondersteuning van publikasies waarin die integrering van religie en wetenskap duidelik waarneembaar is.

- Finansiële ondersteuning aan personeel wat navorsing doen wat die doel van die IGO weerspieël.

- Die IGO hou kontak met instellings en geleerdes wat die integrering van religie en wetenskap nastreef. Hieronder val take soos die uitnooi van binne- en buitelandse dosente en navorsers van ander instellings vir gesprek, die aanbied van kongresgeleenthede, asook kontak met (selfs lidmaatskap van) internasionale organisasies soos IAPCHE (*The International Association for the Promotion of Christian Higher Education*), ARP (*Association of Reformational Philosophy)* ens.

- Die fasilitering van kort kursusse en nagraadse kwalifikasies in christelike denke.

Brill, Steven with Apatow, Judd. (1995, February 17). [Review of the film Heavyweights].

Reviewer: Lucas Freire

The 1995 comedy *Heavyweights*, produced by Disney, is a classic of my generation. It tells the story of Camp Hope, a summer camp for overweight children in North Carolina. The middle aged couple who originally owned the camp marketed it as a safe haven where fat children could have fun during their holidays without any fear of bullying. It wasn't a weight loss camp, but a remarkable place for friendship and adventure, until it filed for bankruptcy and got sold to weight loss guru Tony Perkis (played by Ben Stiller). Then things went south.

Heavyweights is a straightforward movie, if somewhat unrealistic. Children are persuaded, by their parents, by adverts and by the brand Camp Hope had established for itself, that spending the summer there will be an unbelievable, life-changing experience. For the first time they will make friends and will not be excluded from the fun by the "popular" kids. When they get there, they meet Pat Finley (played by Tom McGowan), who has been to the camp as a child and now takes care of the camp's programme and discipline in the dorms. Children look up to him in many ways, and listen to his stories about the past seasons and how great they have been.

The season looks promising. However, to everyone's great disappointment, they find out that the camp owners are broke. They inform the children that Camp Hope has been sold to Tony Perkis. Perkis defines himself as a former fat kid who was a "loser" and has now become a "winner". He will initiate a radical weight loss programme that will turn Camp Hope into a fitness infomercial. Instead of having a friendly mentor as Finley, the children are micromanaged by the athletic Lars (who comes from "far away" and speaks with a European accent). Lars implements a rigid routine at the dorm, and with Perkis they begin to measure everyone's weight, always in front of a TV camera.

Camp Hope is now turned into a fitness programme experiment. Instead of the advertised go-karts, and of jumping into the lake, kids are now humiliated in an arranged dance with the popular girls from the camp next door, and in a baseball match against a visiting team of athletic boys. The old Camp Hope staff and the new nurse are concerned with the way things are heading. Tony Perkis' megalomania is turning into a health hazard, as he notices the need for stepping up the programme in order to meet weight-loss targets. The staff and the kids must react.

From a christian point of view, a reflection on the story of *Heavyweights* has much to offer. First, we know that God has established an orderly creation, with everything having its place and purpose. The distortion of the holiday fun of Camp Hope into some kind of rigorously enforced health and fitness programme isn't just a breach of contract, but at a deeper level it reflects a huge challenge faced by our society.

Whenever one institution or sphere of life is reduced to another that serves a different purpose and occupies a distinct place in life, some harm results. We see that, for example, when the school or university is turned into a business company "selling diplomas" to meet targets and not necessarily to provide an education. We also see that when the church itself attempts to attract "new customers" by catering to the world's expectations and desires, instead of challenging it to repent and convert. Or take, for instance, the politicisation of the Olympic Games. Even non-christians realise there's something wrong when Olympic sports are turned into a public-private crony enterprise fuelled by commercialism and a contrived sense of nationalism. There is, in short, a loss of meaning when something gets distorted into something else. Christians, however, know that the root cause of this is a sinful attitude of recreating God's order of creation by breaking some of the norms he established for our development within His world.

In the movie, kids are now told that they are supposed to go on a 20-mile hike led by Perkis. Concerned by potential health and safety hazards of the plan, Finley, together with the nurse and some of the children, make a plan to get rid of Perkis. The camp staff siding with the kids have a

contact in child protection services, but the person says they're too busy and will take some time to investigate the complaint. Finley knows a lawyer who says they need concrete evidence of mistreatment. The plan is to use the film that was being shot for the infomercial. Now the kids must go on the 20-mile hike and distract Perkis.

What happens, however, is that the children, misunderstanding what they were supposed to do, decide to set up a trap for Perkis. They catch him and place him in a barn. When it's time for the parents to visit Camp Hope, the staff show them the infomercial video without the final cuts, so that they can see who Perkis really is, how disturbing the weight loss programme is, and how the children are suffering and starving. Then the nurse explains her concerns about the health hazard posed by the new programme. Eventually, Perkis gets expelled, and the children decide they shouldn't go back home, but would rather stay under Finley's temporary management of the camp.

There is, here, another point to notice. This part of the movie is concerned with authority and abuse of power. Christians normally have the duty to obey authority, whether in the family, in the church or in civil government. However, when abuse of power occurs, then a decision has to be made whether to obey or not. We normally tolerate certain types of abuse of power, such as, for example, the use of taxpayers' money to fund anti-biblical schooling. We normally don't think that those types of errors disqualify the leadership from office and justify civil resistance on a more encompassing level other than the decision (still in the example) not to promote that kind of schooling personally. Nevertheless, for other issues we are less tolerant and feel more justified in resisting authority. The classic case is when a leader or institution tells us to pervert the worship of God. Another classic case is when it endangers our physical integrity.

The latter is portrayed in *Heavyweights*. At first, the camp staff thought the children were taking a step too far when they trapped Perkis and kept him in a barn until the parents arrived for their visit. Seeing not much of a way out through 'ormal' procedure, and mis-understanding what the staff meant by 'taking care' of Perkis while they thought of a solution, the kids decided that the 20-mile hike was too much. They had to defend themselves. And that's what they did. Did they use normal procedure? They tried. The first attempt to resist tyranny was through lower-level leadership, the camp staff. What really got them to act by themselves, though, was the sense that Perkis was about to physically harm them if left unchecked. So they made the move, and that probably saved them, particularly when they learned later that child protection services needed more than a week to investigate the claims.

Under the new management, the kids get an evening of celebration, eating as much food as they want. There's a lot of waste and unhealthy behaviour. They eat too much. The next day, they feel terrible. Finley, in a memorable speech, tells them about moderation and encourages them to choose to spend the rest of that summer soberly. The movie ends with a competition between the kids of Camp Hope and another camp. For the first time in history, Camp Hope kids are motivated and fit enough to win. This is the culmination of their adventure.

Heavyweights is critical, of course, of our society's obsession with fitness and looks, but it doesn't let the characters get past their journey unchanged. They know that such obsession is a distortion, but they're not aware that their own obsession for food and despise for physical activity is also imbalanced. Finley, acting as a good friend and mentor, persuades them to develop sober habits, to play sports confidently and to have fun at doing that. This is exactly what Camp Hope is all about, and no kid will say that that summer season didn't change them.

Enquist, Anna. 2016. **Arsenaal van klank.** Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R160. ISBN: 978-1-4853-0604-7. 120pp.

Resensent: Bernard Odendaal

Met hierdie vertaalde keur uit die poësie van Anna Enquist betree Zandra Bezuidenhout 'n terrein in die Afrikaanse literatuurveld wat die afgelope dekade of twee deur Daniel Hugo oorheers is: Nederlandse digkuns wat in Afrikaans te lese gebied word.

Myns insiens toon Bezuidenhout met hierdie bloemlesing dat sy haar vertaalskoene vol kan staan langs hom.

Anna Enquist is die skrywersnaam van die Amsterdammer Christa Widlund-Broer, 'n opgeleide musikus én psigoanalis wat eers toe sy 46 jaar oud was, as digter gedebuteer het. Sedertdien het nog sewe digbundels en 'n aantal romans van haar pen verskyn. Sy is bekroon in beide genres.

Bezuidenhout verduidelik in die "Voorwoord" dat Enquist se lewenservaring as sielkundige, pianis, tjellis en moederfiguur haar in staat stel om in haar skryfwerk uit verskeie leefwêrelde te put. Sy dig toeganklik, maar die toeganklikheid verhoed nie dat haar verse geheimnisvol en diepsinnig is nie. 'n Gedig soos die volgende is 'n demonstrasie hiervan.

In die tuin

Hoe soetsappig kan jy nie raak nie, hoe plat-
geslaan tussen die bladsye van die dag.

Nie die morsige duif nie, maar die merel
dra daardie sielsverhuising, jy sien haar

nie in die vlieg, in die spinnekoppe nie. Haar broer
het verjaar en 'n klein vlinder, bleekgeel,

wou inkom, het ywerig
heen en weer voor die ruit gevlieg. Waar

is die wetenskap nou, waar is jou geliefde
rede? 'n Halfuur. Vanmiddag weer.

Weekhartig het ek gestaan en kyk. Moet ek
my nog van bygeloof ook stroop.

Maar daardie hommelby van netnou, brommend,
met die wikkelende agterlyf, verwoed

op soek in al die vertroude blomme,
dit weet ek sonder twyfel, dit was sy.

Die "sy" van die gedig sou Enquist se dogter kon wees wat, as nog jong volwassene, in 'n verkeersongeluk omgekom het. Van die aangrypendste gedigte in die vertaalde keur het met hierdie rou oor en gemis aan haar kind te doen.

'n Verdere voorbeeld is "Versoek aan die skilder", waarvan die openingsreël die frase bevat wat die titel van Bezuidenhout se samestelling sou word: "My arsenaal van klank en taal / bestaan in tyd. Sy nie."

Meer as een gedig in die bloemlesing handel oor die ontoereikendheid van taal, die middel waarvan die digter afhanklik is om iets soos hierdie skrynende gemis te besweer. Die woordkuns,

wat die alte abstrakte en verstandelike taalteken-stelsel moet inspan, lyk fundamenteel onmagtig om die musiek en skilderkuns te ewenaar in die evokasie van waarnemings en gewaarwordings, want laasgenoemde kunsvorme kom “uit die argief van vlees”, die kunstenaar se “geoefende / liggaam” voort. “Ek moet klein klitsgras sê vir / klein klitsgras,” lui dit op ontgogelende trant in “Taal”.

Met haar gedigte oor die verhoudings met haar kinders, later ook met haar kleinkinders, versterk Enquist, via hierdie vertalingwerk van Bezuidenhout, die bestaande skat aan moederskap- en grootmoederskapspoësie beskikbaar in Afrikaans. Nou is Enquist te lees naas ’n Elisabeth Eybers, ’n Antjie Krog, ’n Eveleen Castelyn, ensovoorts, in Afrikaans.

Nóg ’n opvallende tematiese kompleks in Enquist se werk het met die menslike verganklikheidservaring te doen. Dit staan, soos die gemis aan die gestorwe kind, met die taal- en digterskapsmotiewe verbind. In “Vrou wat ’n brief lees”, geskep na aanleiding van Johannes Vermeer se skildery “Vrou in blou wat ’n brief lees”, is daar byvoorbeeld sprake van “twee soorte tyd”. “Die een, wat ek haat,” hoor ons uit die gedagtegang van die liriese subjek, “verstryk hierbuite” – want dis die alledaagse aktualiteit waarvolgens die skeepvaarder-geliefde verwyderd van haar verkeer. Die ander is die “gestolde” tyd, die binnenshuise dimensie waar sy sy brief in die hand het; waar dit voel asof hy “nog huis toe vaar en verras my bollende // jakkie sal sien en my sal vra wat ek gedoen het”. In die (taal-) kunswerk kan die verlede teenswoordige, selfs toekomende tyd wees.

Enquist hanteer nie net die belydenis-verstipe knap nie. “Objektiewer” portretgedigte, soos bovermelde na aanleiding van Vermeer se skildery, of die verse wat Enquist as stadsdigter in 2014 en 2015 oor plekke en gebeure te Amsterdam geskryf het, tref ewe kragtig.

Aangesien Afrikaans en Nederlands so naby aan mekaar staan, is dit haas onvermydelik dat lesers van *Arsenaal van klank* soms sal wonder oor die omsetting van bepaalde woordkeuses en stelwyses. Myns insiens kom sulke gevalle seldsaam genoeg voor, sodat ’n mens oortuig kan wees dat Bezuidenhout, ’n bekroonde digter en literêr onderlegde in eie reg, in die wieg gelê is vir die voortsetting van take soos hierdie.

Smuts, Danie. 2015. **Boererate.** Kaapstad: Penguin Books. Prys: R250. ISBN: 978-0-1435-3921-6. 231pp.

Resenent: Erika Meyer

Die boek wat hoog op aanvraag was die afgelope jare se heruitgawe is nou weer binne bereik van duisende wat dit versoek het.

Op die voorblad van hierdie boek pryk ’n foto van Danie Smuts. Hy knipoog terwyl hy ’n knertsie (waarskynlik whiskey) in ’n koppietjie gooi. Daar is die skelm glimlag wat die knipoog vergesel wat mens onmiddellik laat wonder wat in sy gedagtes aangaan. So ook laat die inhoud van hierdie boek mens ook alles met ’n knipoog of tong in die kies lees en verwerk.

Van sommige siektes in hierdie boek sal menige mens nog nie eers gehoor het nie en so ook nie die bestanddele of middels wat gebruik moet word om die siektes te genees of te verlig nie. Dit kom uit die era van ons voorvaders wat enige iets tot hul beskikking moes raap en skraap om van hulp te wees.

Baie van die rate of resepte maak van whiskey gebruik, om nie van die snaakse bestanddele wat jou wenkbroue lig, te praat nie, soos: ghries, doringappels, perdesweet, karbololie en vlermuise.

Om ’n paar voorbeelde te noem:

Vir doofheid kan jy ’n vlermuis in soetolie braai, die sous laat afkoel en in die oor gooi.

Om bloed te stop, neem vars perdemis of terpentyn of sout – eina.

Vir hoë bloeddruk eet sewe rissiepitte saam met etes elke dag of eet elke oggend 'n gerasperde perde-aartappel.

Brandwonde kan behandel word met gebrande skilpaddop wat fyngestamp en deur dun lappe gesif word, strooi op brandplek nadat dit met soetolie gesmeer is.

Dronkenskap kan genees word deur die persoon 'n druppel perdesweet en 'n druppel varkmelk in te gee.

Wie sou kon raai dat die wit van hoendermis, verpoeier saam met water, kon help vir epileptiese aanvalle?

Geelsug is 'n ander storie: as die son opkom moet daar 3 erdwurms gevang word wat nog nat is van die dou en in 'n koppie lou melk gedrink word vir 7 dae, of 7 luise op 'n sny brood sal dit ook laat weggaan.

Liddorings sal nie meer 'n probleem wees indien jy vir ses dae die niervet van 'n bok tussen jou tone vasdraai en nie verwyder wanneer jy bad nie.

Al die sportmanne kan gerus onthou dat om 'n bloedneus te stop, hoef jy net 'n toutjie styf om jou pinkie te bind.

Indien hierdie boek geen verligting vir jou skete of kwale bied nie, sal dit beslis tot groot vermaak gelees kan word.

Mense en menslikheid: 4 resensies deur Marlies Taljard

Brink, André P. en Ingrid Jonker. 2015. **Vlam in die sneeu: Die liefdesbriewe van André P. Brink en Ingrid Jonker.** Umuzi. Prys: R350. ISBN: 978-1-4152-0881-6. 499pp.

Ten spyte van die voorblad en die titel wat aansluit by die genre van die gewilde liefdesverhaal, is *Vlam in die sneeu* veel meer as die onthullings van 'n verbode liefdesverhouding tussen twee bekende skrywers wat 50 jaar gelede groot opslae gemaak het. Dekades na afloop van die verhouding en die daaropvolgende selfmoord van Jonker, het André Brink geweier om oor dié verhouding te praat. In sy biografie, *'n Vurk in die pad* (2009), skryf hy vir die eerste keer uitgebreid daaroor, en drie maande voor sy dood in Februarie 2015, oorhandig hy die briewe wat Ingrid Jonker aan hom geskryf het en sy briewe aan haar waarvan hy kopieë gemaak het, aan Francis Galloway vir publikasie. Dit word inderdaad *verbatim* gepubliseer.

Die briewe is as literêre artefakte belangrik omdat dit deel van die ontstaansgeskiedenis van werke van albei die skrywers is. Die novelle *Orgie* wat Brink tydens die verhouding skryf, asook talle van Jonker se gedigte, is gebaseer op biografiese gegewens wat in die briefwisseling na vore kom. Benewens die waarde vir resepsie-ondersoeke, bevat die briewe-versameling ook onontbeerlike inligting vir literêr-biografiese en sielkundige ondersoeke. Willie Burger toon in sy voorwoord tot die versameling aan dat die briewe inderdaad as briefroman gelees kan word en dat dit die belangrikste styleienskappe van dié literêre genre bevat: Daar is 'n duidelik agterhaalbare narratiewe lyn, opbou van spanning en genoeg gapings in die verhaallyn (as gevolg van verlore briewe of wanneer briewe na ontmoetings geskryf word) wat óf by wyse van suggesties in later briewe óf deur die leser self ingevul moet word.

As die korrespondensie van twee van die grootste Afrikaanse skrywers uit die 1960's is die briewe as sodanig ook literêre kunswerke. Die gemaklik vloeiende styl, soms gekenmerk deur

barokke oordaad, soms gestroop en direk, die vorm, sinsbou en keurige, kreatiewe taalgebruik kenmerk die hele versameling. Op 17 Oktober 1963 skryf Brink byvoorbeeld aan Jonker: "... in die nietigste daaglikse bedrywigheidjie is jy die bestendige vyf strepies waarop ek die note van my lewe skryf." 'n Verdere kenmerk van die briewe is die openlikheid waarop die skrywers oor intieme sake praat. Dit is heel moontlik die rede waarom Brink eers op byna tagtigjarige leeftyd vir die eerste keer kans gesien het om die briewe te laat publiseer.

Vlam in die sneeu is 'n boek wat 'n mens nie kan neersit as jy eers begin lees nie. Wat die leeservaring intensiveer, is waarskynlik die wete dat dit wat jy lees, eerstehands deel was van die "ware lewe" van twee bekende figure wie se kreatiewe werk alombekend is – twee mense wat, te oordeel na die briewe, uiters menslik was, maar vanweë hulle woordbedrewenheid die menslike kondisie op 'n manier kon verwoord wat ander skrywers nie altyd beskore is nie. Op geen stadium het ek as leser byvoorbeeld gevoel dat die briewe in oppervlakkigheid, trivialiteit, sentimentaliteit of soetsappigheid verval nie, hoewel daar in narratiewe terme op die oppervlakte nie veel "gebeur" nie en die skrywers meestal hulle verhouding probeer ontleed en hulle liefde vir mekaar probeer verwoord. Dié aspek van die briefwisseling, wat dit vir lesers moontlik maak om met die "karakters" te identifiseer, is vir my die grootste bate van die boek. Ek beveel dit ten sterkste aan vir alle lesers, ongeag of hulle vir nuuskierigheid, ontspanning of vir akademiese doeleindes lees.

Van Staden, Ilse. 2016. **Goeie dood wat saggies byt.** Pretoria: Protea Boekhuis: R220. ISBN: 978-1-4853-0547-7. 253pp.

Ilse van Staden is 'n bekroonde digter. Nou waag sy haar hand ook aan die romankuns. Soos mens kan verwag, is *Goeie dood wat saggies byt* 'n roman wat gekenmerk word deur die poëtiese blik van die skrywer. Dit kan ook beskou word as 'n besondere besinning oor die dood. In eerste instansie die dood binne die veeartsenykliniek waarin die sprekende ek (wat sterk outobiografiese trekke met die digter toon) werk. Die dikwels verromantiseerde lewe van die (manlike) veearts word in hierdie roman op sy kop gekeer: die fyngeboude vroulike veearts se ervaringe op Onderstepoort word gejukstaponeer met die ontstellende werklikheid waarin lydende en sterwende diere 'n daaglikse gegewe is. Gelukkige eindes is daar wel, maar alte dikwels is die uiteinde van diere wie se eienaars in baie gevalle min vir hulle oorhet, tragies en neerdrukkend. In die loop van die verhaal word dit algaande duidelik dat die goedkoop romantiese weergawe van 'n vrou in 'n manlike beroepsveld in die praktyk nie kan standhou nie. Die vrou kan eenvoudig nie met haar manlike kollegas meeding nie – sy word nie vertrou nie, word selfs by die beroepsraad aangekla en verloor algaande besigheid en vertroue in haarself en haar vermoëns. Die tweede "vlak" van die verhaal handel dan oor die geleidelike aftakelingsproses van die hoofkarakter. Hoewel die einde hierdie leser verras en geskok het, is dit by nabetragting deeglik voorberei.

Ek beveel hierdie roman ten sterkste aan vir enige leser. Benewens die fokus op die dikwels klaaglike lot van diere en die rol van die veearts (veral as gewer van genadedood) wat die kerngegewe van die verhaal uitmaak, is dit ook 'n besinning oor lewe en dood as sodanig, oor die rol van die geneser en die verskriklike aard van die mens soos dit blyk uit sy verhouding met sy dier – inderdaad vraagstukke waarmee enige denkende mens kan vereenselwig.

La Grange, Zelda. 2015. **Goeiemôre Mnr. Mandela.** Johannesburg: Penguin Books: R272. ISBN: 978-0-1435-3911-7. 348pp.

Zelda La Grange se opspraakwekkende boek *Good morning Mr. Mandela*, in Afrikaans vertaal deur Tinus Horn as *Goeiemôre Mnr. Mandela*, is in die media ontvang deur die gebruikmaking van alle moontlike superlatiewe. Geen wonder dat dit tans reeds sy tweede druk beleef nie. Dit is 'n outobiografiese werk waarin Zelda La Grange, die eertydse persoonlike sekretaresse van Nelson Mandela, die sonderlinge verhaal van haar lewe saam met dié man vertel.

Goeie more mnr. Mandela verskyn in ’n tydsgewrig waarin die mark letterlik oorstroom word met biografieë en lewensverhale van mense van wie baie lesers nog nooit gehoor het nie. Dikwels ook mense wat nog skaars volgens normale lewensverwagtinge die middel van hulle lewens bereik het. Teoretici bied verskeie verklarings aan vir die ongekende behoefte aan dokumentering van die lewens van “gewone” mense – een daarvan beslis die moontlikhede wat die elektroniese media bied waarin dit vir ’n ieder en ’n elk moontlik is om ’n lewe (en alternatiewe lewens) op ’n medium soos Facebook en Twitter te lei. Wat my van La Grange se boek getref het, is hoe dikwels sy roem op haar lewenservaring – en dit terwyl sy ten tye van die gebeurtenisse waarna sy verwys, soms nog in haar 20’s of 30’s was. Die Zelda La Grange wat in die teks as hoofkarakter van die vertelling aangebied word, is sterk gekleur deur die subjektiewe waarneming van ’n onervare verteller en ’n mens wonder onwillekeurig in hoeverre die karakter gemanipuleer word om aan die verwagtinge van sowel die konkrete outeur as die leserspubliek te voldoen.

Dit sou egter onregverdig wees om die tersaaklike boek slegs as literêre werk te beoordeel, want ’n literêre teks is dit beslis nie bedoel om te wees nie. Die skryfstyl is oor die algemeen lomp, oorvereenvoudig en oorhaastig afgerond; die onaanvaarbaar baie redigeerfoute en slordige sinsbou is irriterend. Wat my veral gepla het, is die naïewe wyse waarop die skrywer subjektiewe uitsprake maak wat soms aan laster grens. Hoewel haar politieke insig besonder ongenuanseerd is, spreek sy haarself tot haar eie verleentheid van tyd tot tyd oor politieke situasies uit. Oor die algemeen is dit duidelik dat die boek met ’n bepaalde agenda in gedagte geskryf is, naamlik om die skandalige behandeling van oud-president Nelson Mandela na sy aftrede aan die kaak te stel, benewens die feit dat die skrywer beslis ook ’n appeltjie met dese en gene te skil het.

Dit gesê, moet ek erken dat La Grange tot ’n groot mate daarin slaag om haar leserspubliek te verras en selfs te ontstel met die onthullings oor die oud-president se laaste jare. In die sin dat die vertelling lig werp en ’n donkerder alternatiewe perspektief bied op ’n glorieryke karakter en ’n deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, lewer dit beslis ’n belangrike bydrae ten opsigte van die ondermyning van ’n deel van die gekanoniseerde geskiedenis van die na-apartheidsjare en die reënboognasie. Ook vir die leser wat lees vir die persoonlike juweeltjies soos dat die oud-president per geleentheid Koningin Elizabeth II gegroet het met die woorde: “Oh, Elizabeth, I see you have lost weigt!” is hierdie boek ’n skatkis van kosbare herinneringe aan dié ikoon van die Suid-Afrikaanse nasie. Die werk slaag by uitnemendheid daarin om die mens Nelson Mandela in die broosheid van sy laaste jare uit te beeld. Dit vervul ’n nis wat die “amptelike” boeke en biografieë oor Nelson Mandela nie kan vul nie, juis deur die fokus op anekdotes en kleinstories wat gewoonlik nie deel vorm van amptelike geskiedskrywing nie. Die verhaal van Zelda La Grange en Nelson Mandela is egter ook ’n allegorie vir die ongemaklike versoeningsverhaal tussen wit Afrikaners en ons swart landgenote wat tans leiersposisies in die land beklee. Myns insiens is hierdie die heel belangrikste aspek van die boek *Goeie môre mnr. Mandela* – die essensie waarvoor dit hopelik onthou sal word lank nadat die besonderhede vervaag het.

Salzwedel, Ilse. 2014. **Van sprokie tot tragedie in die kollig.** Johannesburg: Penguin Books. R195. ISBN: 978-0-1435-3156-2. 165pp.

Toe ek hierdie boek vir resensie ontvang, was my eerste gedagte: Nog ’n sensasionele bespiegeling oor een van die wêreld se mees omstrede moordverhore. Algaande het my respek vir Ilse Salzwedel se objektiewe beriggewing egter toegeneem. Hierdie gesoute joernalis laat die fokus telkens val waar die leser dit nie verwag nie; telkens kom daar insigte aan die lig wat nie deur die openbare media en sensasiesoekers verreken is nie. Met die lees van die fassinerende verhaal van sy moordverhoor, kom daar insiggewende aspekte van die Paralimpiese atleet Oscar Pistorius se identiteit uit die verf wat die openbare mening weerspreek en wat blykbaar nie in die media se beriggewing en die beeld wat daar van Pistorius voorgehou word, inpas nie. Vir my as leser wat reeds die voortydige veroordeling van Pistorius in die media beleef het, het dit gevoel asof die aangeklaagde nou vir die eerste keer ’n regverdige verhoor kry. Hierdie resensie is geskryf voor vonnisoplegging, maar na die omstrede uitspraak van regter Masipa waarin sy Pistorius skuldig bevind aan strafbare manslag, maar nie aan moord met voorbedagte rade nie.

Na die lees van *Van sprokie tot tragedie in die kollig* kom hierdie uitspraak inderdaad nie as 'n verrassing nie. Salzwedel se boek illustreer weer eens hoe selektiewe beriggewing die openbare mening kan beïnvloed en die geweldige impak wat die media op plaaslike en internasionale vlak uitoefen.

Hoewel daar teen die einde van die teks enkele setfoute voorkom, is die boek oor die algemeen goed versorg. Die styl is gemaklik sonder om informeel te wees, meestal objektief, hoewel die skrywer se partydigheid vir Pistorius tog soms op subtiele maniere aan die lig kom. Omdat die skrywer besonder kundig en omsigtig met feite omgaan en 'n sinvolle, verteenwoordigende seleksie uit die onvoorstelbare groot korpus feite rondom die hofsaak maak, vorm die teks 'n hegte eenheid en kan die leser haar argument gemaklik volg. Hierdie boek sal nie slegs relevant bly totdat uitspraak gelewer is in die Oscar Pistorius moordverhoor nie, maar behoort vir die leser wat in regspraak en veral in die strafreg belangstel, insig te verskaf in die strafproses en in hofprosedures. Dit is 'n verfrissende variasie op die sepie-weergawe van die verhaal wat ons tot vervelens toe in alle moontlike media gehoor en gesien het, 'n insiggewende "kyk weer". Vir diegene wat die regter reeds by voorbaat of na vonnisoplegging soos 'n rugby-skeidsregter wil kritiseer, kan die boek eweneens insig verskaf in die feite en die aard van die getuienis wat voor Regter Masipa gedien het.

WOORD EN DAAD op die internet!/
WORD & ACTION on the internet!
http://www.woordendaad.co.za/
Vir enige navrae kontak / For any inquiries contact:
izette.minny@nwu.ac.za of / or
natanya.jacobs@nwu.ac.za